


DIE SMIRNA KERKTYDPERK

 Mees Glorieryke Vader, ons is so bly vanaand om te weet dat ons in ons wesens onsterflike Lewe het. Die Lewe van onse God het verdeel in vuurtonge en op elkeen van hulle gaan sit, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het begin praat in ander tale soos die Gees hulle uiting gegee het. O Vader, hoe ons U dank dat U Uselvf verdeel het onder die Kerk. Geen wonder ons Here het gesê nie: “Daardie dag sal julle weet dat Ek in die Vader is, en die Vader in My, Ek in julle, en julle in My.” Hoe die God van die Hemel onder Sy mense woon! “’n Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie, maar julle sal My sien, want Ek sal met julle wees, selfs in julle tot die voleinding van die wêreld.” Af deur elke kerktydperk sou U hier wees, dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, en ons sou U ken aan die werke wat U doen. “Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg.”

² Here, ten aanskoue van—ten aanskoue van die klimaks van alle eeue, tyd is besig om uit te loop en Ewigheid kom in. Vader, God, ons is so bly om te weet ons lewe in daardie oorblyfsel vandag; deur na ons lewens te kyk en die soort strewes te sien wat ons het, die motiewe wat ons het, en te sien dat die Heilige Gees oorgeneem het. God, mag elke persoon in Goddelike Teenwoordigheid vanaand, hierdie kerktydperke waarin ons woon, besef, en vinnig vlug na die Here Jesus, want daar staan so duidelik geskrywe, dat: “Die Naam van die Here ’n sterk toring is, die regverdigte vlug Daarin en is beskut.”

³ O God, kom vanaand en salf ons wese, Here. Bring die swerwers, O Here, wat so verward is; kyk na die arme skape, Here, hulle weet nie wat om te glo nie; daar is herderkrete van oral. Ons bid, Vader, dat hulle daardie groot Herder van die kudde, die Here Jesus, Sy groot Gees sal hoor spreek vanaand, sê: “Kind van My, kom na My toe en Ek sal jou Sabbat gee, die Rus wat jou seël tot jou Ewige bestemming.” Nie om rondgegooi te word op die aarde soos ons nou die tyd sien uitloop nie. Skenk dit, Vader. Praat deur die spreker, luister deur die ore van dié wat hoor, want ons almal luister. In Jesus se Naam bid ons. Amen. Mag maar sit.

⁴ Nou, vanaand bestudeer ons die tweede kerktydperk. Ek sien baie van hulle wat notas en dinge neem, en dis hoekom ek dit elke keer wil duidelik maak.

⁵ Nou, die tweede kerktydperk is die kerktydperk van Smirna genoem. En dit het begin, die Smirna Tydperk, het dieselfde tyd ingekom wat die Êfesiese Tydperk opgehou het. Die Êfesiese Tydperk was vanaf 55 n.C. tot 170 n.C. Die Smirna Tydperk het ingekom in 170 en gaan voort tot 312. Hierdie kerk is ’n

vervolgde kerk; die een wat die martelaarskroon dra, is 'n kerk van verdrukking. En God se belofte daaraan, aan die Uitverkore Kerk daarin, was om dit 'n kroon van die Lewe te gee.

⁶ Elke kerk het 'n *ster* gehad wat in God se hand gehou is, wat “die boodskapper” verteenwoordig het na daardie kerktidperk. Die beste wat ek kon dink wat die boodskapper na die Efesiese kerktidperk was, (want die Bybel sê nie wie hulle was nie) was Paulus; want hy het die Efesiese kerk gevestig en was die prediker van daardie kerktidperk; wat die Lig na die Kerk gebring het, wat Johannes dit opgeneem het daarna. En toe Polycarpus, en verder aan . . . Polycarpus, liever, verder aan.

⁷ Nou, die Smirna Tidperk, ek glo met al die . . . wat ek in staat was om te vind, was Iranaeus. En nou wil ek vir julle die rede gee waarom ek Iranaeus gekies het in plaas van Polycarpus. Nou, die meeste geestelikes wil dink (en Bybelleraars) dat daardie engel Polycarpus was. Polycarpus was 'n dissipel van Johannes, dit is waar. En Polycarpus het geseël . . . hy—hy was 'n martelaar, hulle het hom reg in die hart gesteek en hom doodgemaak. Nou, maar hy was 'n groot man, 'n gerekende man, 'n goddelike man, minsaam. Sonder twyfel een van die grootste Christene wat ons ooit gehad het. En daar was niks wat jy teen sy lewe kon sê nie.

⁸ Hoekom ek Iranaeus gekies het: omdat ek glo Iranaeus was nader aan die Skrif as wat Polycarpus was. Want Polycarpus het soort van geleun na die Roomse idee van 'n organisasie opstel. En—en Iranaeus was sterk gekant daarteen, hy het dit absoluut veroordeel. En dan, soos ons almal weet, die groot geskil het gekom by die Niceense Raad; een van die groot geskille was of God *drie* was óf of God *een* was. En Iranaeus het die kant gekies dat God God was, nou, net Een.

⁹ Ek mag lees uit *Die Pre-Niceense Vaders*, volume een, bladsy 412, net 'n klein aanhaling; as julle dit wil neerskryf, volume een van *Die Pre-Niceense Vaders*. En op bladsy twaalf, en dis die . . . As julle die volume wou hê, dis die laaste deel van volume drie. Julle kan die hele ding lees; daar's verskeie hoofstukke daarvan, of verskeie sinne. Nou ek begin lees reg by die laaste—reg by die laaste twintig, dertig verse daarvan. Ek sal dit nie alles lees nie, maar net deel daarvan:

“Al die ander uitdrukkings wat soortgelyk is . . . wat die titel uitbring van een en dieselfde Wese;” (Sien, hy probeer sê wat hulle Hom genoem het: ‘Vader, Seun, en Heilige Gees,’ en hy het gesê: “Dis *titels*, nie name nie, titels van die Een Wese.” Dis presies wat ons nog vandag onderrig.) “soos, byvoorbeeld” (en dan in hakies) “(in Engels), *Die Magtige Here, Die Here Vader van almal, God Almagtig, Allerhoogste, Skepper, Die Maker*, en sulkes. Hierdie is nie die name en titels van opvolging van verskillende wesens nie, maar van een en dieselfde,” (Amen!) “met die naam waardeur die een God, Vader, is. . . Hy—Hy wie

al hierdie dinge . . . skenk aan al die . . . van bestaan, die seën van alle bestaan.”

¹⁰ Iranaeus sê dat: “Al hierdie titels word opgesom in een Naam, onder een God, en hulle is net titels van wat Hy was.” Hy was die Roos van Saron. Dis wat Hy was. Dis ’n titel. Hy was die Môrester. Hy was Alfa. Hy was Oméga. Dis titels van wat Hy was. Hy was Vader. Hy was Seun. Hy was Heilige Gees. Maar daar’s *een* God. Een God, en Sy Naam is Een. En dis een rede waarom ek dink Iranaeus was reg in sy—in sy diagnose hier, of uitleg van die Skrif.

¹¹ Nog iets wat ek graag vir julle wil lees, dis in die boek: *Hoe Het Dit Gebeur?* En dit is deur die geskiedkundiges. En, *Hoe Het Dit Gebeur?* deur R. C. Hazeltine, die geskiedenis van die vroeë kerke. En hier op bladsy 180: “Die Geestelike Gawes In Iranaeus Se Tyd, 177 tot 202 nC.” Nou, hoekom ek hierdie aanhaal, dit gaan op bandopname, julle sien, en—en dit sal afgeneem word op boeke:

“Dit was in Iranaeus se tyd wat die meeste van die Apostoliese kerk van Frankryk al die gawes van die Heilige Gees gehad het.” Dit was van sy leer, sien. “Iranaeus se kerklidmate by Lyon,” dis Lyon, Frankryk: “het in tale gepraat. Dit was nie ongewoon om te sien dat iemand wat dood was weer lewendig gemaak is nie. Genesing was—genesing was ’n alledaagse gebeurtenis in al die evangelistiese . . . evangeliese kerke oral.” Daardie Iranaeus het geweet hoe om te onderrig! “Wonderwerke het dikwels gebeur. Trouens, daardie kerke was nooit sonder ’n wonderbaarlike manifestasie van God se teenwoordigheid of deur visioen, onderbreking van die elemente van die natuur, in ’n wonderwerk, om die evangeliese Christene van daardie dag te herinner, dat hulle Sy geliefde dissipels was. Maar uit die geskiedenis van die verlede, kan ons nie ’n enkele geval van die opwekking van die dooies in die eerste Roomse kerk vind nie.”

¹² Dis mense wat nie . . . nie geïnteresseerd in enige kant nie, hulle vertel net die waarheid. Dis geskiedkundiges.

¹³ Dis waarom ek dink Iranaeus, omdat, julle sien, hy het dieselfde geloof gehad wat Paulus en die dissipels nagelaat het. Dis waarom ek het . . . glo dat hy die engel van die kerk van Smirna was, omdat hy was . . . hy het dieselfde Skriftuurlike leringe gehad; en dieselfde Skriftuurlike leringe op die basis van God se Woord, sal elke keer dieselfde ding voortbring. As jy net eenvoudig God se formule sal neem en dit uitvoer tot die letter, maak nie saak wat die kerke sê nie, dit net volg soos dit gesê het, sal dit dieselfde ding voortbring. En dis wat Iranaeus gedoen het.

¹⁴ Nou, ek dink dat Polycarpus ’n goeie man was, verstaan; maar ek sê dat hy te veel geleun het na om die kerk te organiseer, en soos die Nikolaiete gedoen het. Hulle het die

kerk georganiseer, en—en 'n broederskap bymekaar gebring. Wat intellektueel reg lyk, maar, julle sien, die Gees is so ver voor die intellektuele, totdat die . . . jy nie eers reg kan dink vir—vir die Gees nie. “My hoë gedagtes is hoër as julle gedagtes,” sê God. “My weë is hoër as julle weë.” So daar's net een manier om dit te doen; dis volg Hom net volgens die bloudruk. Dis reg.

15 Nou, ons mag dink, as jy hiervandaan gaan . . . As ek Chicago toe sou gaan vanaand, mag ek hier uitgaan en vir my 'n kompas kry, en sê: “Nou, laat ons sien, Chicago, is net in hierdie rigting. Goed, ek sal sommer gaan.” Ek sou nie uit Jeffersonville uitkom nie. Sien? Ek moet vir my 'n padkaart kry. En daar's—daar's 'n lê . . . pad uitgelê waarvolgens ek na Chicago toe kan gaan binne ses of sewe uur se reis per outomobiel, maar ek kan nie net enige pad volg nie. Die vliegtuig kan nie net enige pad volg nie; hy het 'n—'n vlugplan van 'n sekere hoogte en dinge wat hy moet vlieg, van sekere grade waarop hy moet bly.

16 Daar is 'n weg voorsien, en God het 'n weg. God het die weg vir Sy Kerk, vir Sy mense. En Hy het nooit bedoel dat Dit beheer word deur pouse, kardinale, aartsbiskop, of algemene opsieners nie. Die Heilige Gees is die Leermeester van die Kerk van die lewende God, om Dit op te rig. En al die heiligheid gaan nie na 'n kardinaal of 'n priester, om hom 'n heilige man in die—in die kerk, enigiets te maak nie. Die lekedom het net soveel reg . . . net so 'n reg tot die Heilige Gees as enige prediker, pastoor, diaken, trustee, wat ook al. Lekedom!

17 En die rede waarom hulle dit Niko-laïete noem . . . Soos ons gisteraand gehad het, Nikolaïet, ons het die woord afgebreek en dit uit die Grieks geneem. En N-i-k-o, beteken . . . *Niko*, wat beteken “om te oorwin of omver te werp.” Wat? N-i-k-o, Nikolaïet, *lekedom*. “Om die lekedom te oorwin,” en dit omver te werp deur hulle 'n orde te gee van manne, geestelikes wat hulle sou leer en sou . . . hulle sou hulle eie gevolgtrekkings byeenbring. Dis hoe die Niceense Raad gehou is. Omdat baie bymekaargekom het en 'n orde in die Niceense Raad opgestel het. Ons gaan nie . . . wil nie te veel daaroor praat nie, want dis Donderdagaand s'n, in die Niceense Raad.

18 Maar dit is waar die Rooms Katolieke Kerk gevorm is, uit 'n groep mense wat bekeerlinge van Paulus was, en Iranaeus, en Sint Martin, en verder aan. Hulle was bekeerde Christene vir die . . . van heidendom na Christendom, maar wou die kerk terugtrek in 'n Ou Testamentiese vorm van bediening, soos om hoëpriesters te hê, en—en apostoliese opvolging, soos een pous na 'n ander pous, ander pous. As ons verder kon afgaan deur hierdie Bybel, sal julle uitvind dat dit net presies die waarheid is en hoe God die ding veroordeel het van reg van die begin af; en gisteraand se kerktjydperk, gesê: “Ek haat dit!” en so het die Kerk ook.

19 God het nooit bedoel dat die Kerk deur manne bestuur word nie. God bestuur Sy Kerk, en Hy bestuur dit deur gawes van die Gees. Die gawes van die Gees is in die Kerk om die gees te korrigeer. Hy het vyf bedieningsampste in Sy Kerk. Eerste van hulle is apostels, of, sendelinge. Sendeling is die hoogste amp wat daar is, apostel. Die woord *sendeling* beteken “gestuurde”; *apostel* beteken “gestuurde.” Hoekom hulle ooit gekies het om ’n sendeling genoem te word, weet ek nie. Maar hulle is apostels. Goed. Apostels, profete, leraars, evangeliste, pastore. Nou, dis die uitverkore ampte van God aan Sy Kerk.

20 Dan is daar in elke plaaslike gemeente nege geestelike gawes wat onder die mense kom, dit is, kennis, wysheid, gawes van genesing, wonderwerke doen, in tale praat, uitleg van tale. En al hierdie dinge gaan in elke plaaslike liggaam in. En elke persoon in die kerk het ’n individuele bediening, en daardie individuele bediening gaan saam met die res van die bediening, ter stigting van die Liggaam van Jesus Christus. En nooit . . .

21 Nou, onthou dit, dat hier is . . . Ek sal hierdie lyne vanaand trek. Die eerste kerk, Éfese; Smirna, Pérgamus, Thiatire, Sardis, Filadelfia, Laodicéa. Nou, onthou soos hierdie aangaan, *hierdie* kerk het die volheid van die Gees gehad, maar aan die einde van die kerktydperk het ons gevind dat Dit besig was om uitgedruk te word. Die volgende kerktydperk het nog ’n bietjie gedruk; nog ’n bietjie; tot *hierdie* een, daar net ’n baie klein stukkie was. “Jy het ’n paar dinge,” het Hy gesê. O, wanneer ons by daardie Thiatire Kerktydperk kom!

22 Nou, na dit gekom het, het God ’n Duitser met die naam van Martin Luther opgerig wat weer die Kerk teruggeswaai het. Dit het ’n bietjie meer begin, hy het Regverdigmaking gepreek; Martin Luther het gekom, Regverdigmaking gepreek. John Wesley het gekom en Heiligmaking gepreek. Toe in hierdie kerktydperk *hier*, het hulle weer reguit teruggekom na die Doop van die Heilige Gees, met dieselfde tekens en wonders, wat reguit afgekom het. *Hier’s* waar dit uitgegaan het deur vyftienhonderd jaar van Donkereue. En daar’s waar die donkerste . . . of die langste kerkperiode wat ons in die kerktydperke gehad het. Dan *hier’s* waar dit begin opkom het, Regverdigmaking, Heiligmaking, Doop van die Heilige Gees. En die Bybel het gesê dat: “Aan die einde van *hierdie* tydperk, dat hierdie klein minderheid hier verdruk sal word, want dieselfde kerk van Pinkster sal dieselfde ding begin doen wat hulle destyds *hier* begin het, Nikolaiete.” (O God, laat ek my mond toe hou totdat ek daarby kom.) Sien julle? Wat ek daar kan sien. Sien, totdat julle hier kan sien. En ek sal julle wys dat die boodskapper na hierdie kerktydperk denominasies sal haat. Die Gees sal in die kinders opkom. Dit was altyd. En nou het ons ’n . . .

23 Nou, as julle hierdie sal oplet, hoe Dit groot hier was, uitgegaan het, en Dit uiteindelik heeltemaal versmoor

het. Dan begin Dit terugkom. Luther het Dit teruggetrek, Reverdigmaking; Heiligmaking; Doop van die Heilige Gees; en dan reg in die endtyd, versmoor hy Dit heeltemal, totdat Hierdie omtrent heeltemal uit is, daar's net 'n baie klein deeltjie hier, en dis wanneer hy uitroep dat "As Hy nie die werk kortknip om die Uitverkorenes se ontwil nie, daar geen vlees gered sou word nie." Sien? Daar het julle dit, reg in die endtyd. Nou, hou dit in gedagte.

²⁴ Nou gaan ons begin met hierdie Smirna Kerktydperk. Eers wil ek dit afbreek hier op 'n papier wat ek—wat ek het. Nou, die tweede kerktydperk, wat Smirna is, en ek glo julle sal almal saamstem met my (of ek hoop julle sal, of halfpad, in elk geval) dat Itraneus die ster na daardie kerktydperk was. Hy was God se boodskapper, want hy het deur die land gegaan, in Frankryk (Galieë) in, daar onderin, en hy het kerke gevestig, en elkeen van hulle is gevestig op die doop van die Heilige Gees, praat in tale, opwek van die dooies, genesing van die siekes, stop van reën, en doen van daaglikse wonderwerke. Hulle het geweet dat die lewende God onder die mense woon. Dit was die man van God, want Jesus het gesê "Geen mens kan doen. . ." Of, die—die mense het gesê: "Geen mens kan hierdie werke doen as God nie met hom is nie." Dit was Nikodémus wat dit vir Jesus gesê het.

²⁵ Nou, 'n stad van handel; 'n handelsafsetgebied na Lydia en na die weste. Die derde grootste stad van Asië, 'n groot hawestad. Bekend vir rykdom, tempels, geboue, skole, medisyne en wetenskap. Jode het gewoon by—by Smirna, en hulle het die mense van Smirnese ge-evangeliseer. Polycarpus was die eerste biskop van Smirna. Polycarpus en ander getroue dienaars het die diep geloof van God gevestig in die gelowige Smirnese. Vroeë kerkvaders het aansporing van die Waarheid aan Smirna gegee.

²⁶ Die kerktydperk van Smirna, die naam van die kerk was Smirna. *Smirna*, liewer, dit beteken "bitterheid," mirre. Dit word geassosieer met die dood, want hulle was sterwend.

²⁷ 'n Vervolgde kerk, God het hulle "vervolg" genoem. God het gekyk na hulle vervolging, en het genade gegee om dit te verduur. Hy het gekyk na sy verdrukings, en hulle oorwinning oor die dood gegee. Gekyk na hulle armoede, en hulle rykdom in Hom gegee. Die Kerk van Smirna het deur die vuuroond van verdrukings gegaan, maar, was 'n welriekende geur vir Hom. Dis nou die Oorblyfsel, nie die hele Smirna kerk nie; net die Oorblyfsel waarvan ek praat. Die groot *tien dae van verdrukking* beteken "tien jaar van die bloedigste vervolging."

²⁸ Ek weet nie of ek hierdie naam kan spel, of dit uitspreek, of nie. Dit was die keiser in daardie tyd, ek glo was die bloeddorstigste van hulle almal sedert Nero in 67, D-i-o-c-l-e-t-i-a-n-u-s. Gedurende die jaar 303 tot 312 nC.

29 God spoor Smirna aan om getrou te wees tot die dood, soos Hy was: “En Ek sal vir jou ’n kroon van die Lewe gee, soos die Vader My gegee het.” God het die oorwinnaar (in verdrukking) die oorwinning oor die tweede dood belowe: “Moenie hulle vrees wat die liggaam kan doodmaak nie, maar Hy wat die siel kan vernietig, of, die siel kan doodmaak.” Dit . . . Die Smirnese moes tot die dood uithou: “Moenie die mense vrees nie, en ’n kroon van die Lewe sal vir jou gegee word.” Die vervolging van Christendom in die eeue wat tipeer word in die kerktyperke, van Smirna, is baie belangrik. Ons sal daarby wil uitkom binne ’n oomblik, as die Here wil.

30 Nou, as party van julle sommige hiervan mis terwyl . . . as ek hulle ’n bietjie te vinnig skryf vir die res van die klas, dan sal ons . . . ons is . . . kan julle hulle beslis enige tyd wat julle wil, by ons kry, ons sal bly wees om—om hulle vir julle te gee. (Verskoon my.)

31 Nou, oor die 2de hoofstuk en die 8ste vers, begin ons vanaand. Nou, waarby het ons Hom gelos gisteraand? Hy was beslis . . . daardie Nikolaïet gehaat. Is dit reg? Nou wat doen God? Wat moes ons eerste uitvind? Die openbaring van Jesus Christus, Wie Hy is en wat Hy is. Nou die volgende groot ding, vind ons uit dat Hy enigiets haat wat enigiets sal plaas om oor Sy Kerk te regeer behalwe Hyself. Hy is ’n jaloerse God.

32 Hoe ek sou wou stop, want ons het net vier verse hier, net om ’n ietsie aan te haal. Hoeveel kan onthou toe die goeie profeet, Samuel, toe die hele Israel wou maak soos die res van die wêreld? Onthou julle dit? En die profeet het vir hulle gesê, gesê: “Julle is verkeerd!” Maar hulle wou maak soos die Filistyne, en soos die—die res van hulle. Wel, dis presies wat gebeur het in hierdie heel eerste kerktydperk. Dis vreemd dat mense nie wil hê dat God hulle moet lei nie. Hulle wil volg . . . hulle wil ’n man hê. Israel, het die grootste fout gemaak wat dit ooit gemaak het, toe . . . Genade het alreeds vir hulle ’n profeet voorsien, ’n leier, vir hulle ’n lam as ’n versoening voorsien, en vir hulle kos uit die hemele voorsien, en alle goeie dinge wat genade vir hulle voorsien het, en steeds, In Eksóodus 19, wou hulle ’n wet hê. Hulle wou doktors van godsgeleerdheid maak, en sommige manne hê, hulle wou ook iets Daarmee te doen hê.

33 Die mens probeer altyd die einste Skepper wat hom gemaak het uitoorlê, en hy doen niks behalwe om homself dood te maak nie. Soos ek ’n paar Sondae gelede gepreek het oor die—die *Bastergodsdiens*. En dis presies. Wanneer jy enigiets verbaster, kan dit nooit . . . dis gedaan! Dis klaarpraat, dit kan nie meer terugkom nie. ’n Muil kan nooit terugteel en nog ’n muil hê nie, want hy—hy’s ’n muil, hy’s ’n baster. Goeie koring, jy kan nie goeie koring kweek van goeie basterkoring nie. Dit sal nie eers . . . Dit mag opkom, maar dis—dis, o, dis niks werd nie. Jy kan dit nie doen nie. Enigiets wat verbaster is, is nikswerd.

34 En 'n bastergodsdiens is nikswerd! Solank as wat jy iets probeer byvoeg by wat God gesê het, of iets doen wat God nie wil hê jy moet doen nie, is dit 'n bastergodsdiens. Dit mag mooi lyk. O, basterkoring sal mooier lyk as die natuurlike koring. 'n Ou muil sal harder werk as twee perde. Wel, dis . . . Dit is nie werk nie, broer, dis genade waardeur ons gered word. "Nie deur werke word ons gered nie, maar deur genade." So dit mag . . . Ek hoop nie hierdie opmerkings . . . Julle—julle sit onder 'n spanning, en ek—ek voel dit hierbo. Julle sien? Want daar's Presbiteriaan, Metodis, en allerhande soorte hierbinne. Ons weet dit. En so ek—ek voel dit. En jy moet jouself 'n bietjie ontspan nou en dan, daardie afskud, soort van.

35 Nou, luister. Enigiets verbaster is nikswerd. Jy moet die oorspronklike neem, soos God dit gemaak het, dan het jy iets wat eg is.

36 Nou, ons vind dan uit dat hierdie kerk van Israel, soos hulle aangegaan het, God hulle gevoed het, en vir hulle gesorg het, en alles vir hulle gedoen het. En uiteindelik het hulle oorkant na die Filistyne gekyk, en die Amorieite, en die . . . en verskillendes, en gesê: "Ons wil 'n koning hê! Hulle het iets wat ons nie het nie."

37 Dis dieselfde ding wat die mense vandag doen. Een van hierdie, ons susters, sal oorkant na die televisie kyk en Gloria Swanson sien, of wie hulle ook al . . . party van daardie vroue met 'n sekere soort rok aan, en hulle kan dit net nie uithou totdat hulle een kry nie. Sien? Julle sien 'n vrou in die dorp: "O, is dit nie fraai nie?" Wat gee jy om wat sy geëet het en kon aantrek? Mense, hulle is net so, ek het gesê dis die dag van—van nabootsing, een wil die ander naboots. Jy neem die . . . Daar's soveel Elvis Presley's nou, ek—ek sê jou, jy kon hulle nie opstapel in treinwaens nie, omdat hy gewild geword het in vleeslike komp- . . . nabootsings!

38 Ons het dieselfde ding in godsdiens. Die . . . Ek het die geskiedenis van Martin Luther gelees, en enige van julle geskiedkundiges weet. Hulle sê dit was nie raaiselagtig dat Luther teen die Katolieke kerk kon protesteer en daarmee kon wegkom nie, maar die grootste raaisel was, dat hy sy kop bo al die fanatisme kon hou wat op sy herlewing gevolg het en steeds by die Woord gebly het. Dis die wonderwerk, hoe God hom suiwer en opreg gehou het.

39 Nou, so hulle het na hierdie Samuel toe gekom. Hulle het gesê: "Maak vir ons 'n pro- . . . of maak vir ons 'n—'n koning." En die Here het vir hom gesê dat Hy die idee verwerp het, net presies wat Hy hier met organisasie verwerp het.

40 En soos Hy daardie verwerp het, verwerp Hy organisasies. Hy verwerp nie organisme nie, maar organisasie. Organisme, ons moet dit hê. Maar organisasie hoef ons nie te hê nie, want dit trek lyne: "Ons is *So-en-so*." Is jy 'n Christen? "Ek's Metodis." Is jy 'n

Christen? “Ek’s Baptis.” Dit beteken niks meer as ’n vark in ’n hok nie. Dit het niks Daarmee te doen nie, glad nie. ’n Christen!

41 Ek het ’n meisie een aand gevra, op die platvorm: “Is jy ’n Christen?”

Sy het gesê: “Wel, ek sal jou sê dat jy weet, ek brand ’n kers elke aand.” Asof dit enigiets te doen het met Christendom!

42 ’n Ander man het gesê: “Wel, ek’s ’n Amerikaner. Sekerlik!” Wel, dit het niks Daarmee te doen nie, hoegenaamd niks. Jy is ’n Christen omdat jy aan ’n ander Koninkryk behoort. Dis reg. En jy’s—jy’s in ’n ander Koninkryk, van bo.

43 Nou, wat het Samuel gedoen? Net dieselfde ding wat God hier gedoen het. Samuel het Israel byeengeroep, hy het gesê: “Nou, luister na my. Ek wil vir julle iets vra. Was daar ooit een keer wat ek vir julle iets vertel het wat nie waar was nie?” Gesê: “Ek—ek is God se profeet onder julle. Sê vir my van een keer wat ek julle ooit enigiets vertel het in die Naam van die Here wat nie gebeur het nie.” Dis wat Samuel vir hulle gesê het. Hy het gesê: “En het God julle nie gevoed en vir julle gesorg en al hierdie dinge gedoen nie?” Gesê: “Julle doen sonde om te probeer maak soos die ander volke.”

“O . . .” het hulle gesê.

44 Hy het gesê: “Ek wil vir julle iets anders vra. Het ek al ooit enige geld van julle weggevat? Het ek julle al ooit gesmeek vir ’n offerande? Of het ek julle al ooit enigiets vertel in die Naam van die Here wat nie gebeur het nie?”

Hulle het gesê: “Nee. Jy het nooit ons geld gevat nie, dis waar. En jy het ons nooit enigiets vertel in die Naam van die Here wat nie gebeur het nie.”

Hy het gesê: “Luister dan na my! Julle sondig om te probeer maak soos die res van hulle.” Maar hulle wou in elk geval ’n koning hê! Ongeag of dit reg of verkeerd was, hulle—hulle wou hulle idee uitvoer.

45 Dis dieselfde ding wat die kerk gedoen het net hier by Éfese, hulle het die Nikolaïetiese doktrine aanvaar. En toe hulle het, het dit hulle reg inforseer om heidendom en Christendom te laat saamkom en ’n vyftienhonderd jaar van Donkereue veroorsaak. En toe Luther hulle uitgetrek het, as (die tweede rondte) die Lutherane nie dieselfde ding gedoen het wat hulle destyds in Éfese gedoen het nie! Presies.

46 Nou, as julle sal oplet, die kandelaars het nie presies soos *daardie* gestaan nie. Hulle het begin afloop op *hierdie* manier en opgekom. Wel, die hoogste een weg van waar Hy gestaan het was die een *hierbo*. En Christendom het geleidelik uitgedoof soos dit gegaan het van waar Hy gestaan het in die vorm van die kruis, soos ons Hom in die 4de hoofstuk gesien het; in die vorm van die kruis soos *hierdie*. En *hierdie* is Sy regterhand, *daardie*

was Sy linkerhand. Nou, net *hier*, het Hy Sy hand op *hierdie* kerk gehad en op *daardie* kerk. Hy was beide Alfa en Oméga en, natuurlik, alles was tussen die twee, al die ander letters. Maar Hy het spesifiek gesê: “Alfa en Oméga.” Hy het ’n reënboog oor Sy hoof gehad, wat Sy verbond was.

⁴⁷ Nou, as julle oplet, die lig van Pinkster, waar dit begin het, het geleidelik uitgedoof. Hierdie manne, Iranaeus, Polycarpus, al die res van hulle, het hulle getuienis verseël met hulle bloed, totdat dit uiteindelik Christendom inforseer het in die donkerste dae.

⁴⁸ Nou kyk, die eerste tydperk aan die ander kant van daardie heuwel, wat oorgekom het met ’n bietjie Lig, meer Lig, toe meer Lig. Sien hoe Dit weer begin skyn, soos daardie dag naderkom. En nou aan die einde van *hierdie* tydperk, word dit hier voorspel dat dit sou kom by ’n *Laodicése*, ’n “louwarm.” Nou, hier is dit. Wel, as *hierdie* ding hier hulle *hier* laat beland het, waarom sou ons dit hieronder in Pinkster wou hê?

⁴⁹ En julle weet die Bybel het gesê: “Daar sou ’n dier wees.” En ons weet dis die Roomse pousdom. Dis presies reg. En dan sou hulle ’n beeld vir daardie dier vorm. Wat is ’n beeld? Iets wat soos dit gemaak is. En dis die raad van kerke, en Pinkster is daarin. Daar sal ’n tyd aanbreek waar jy óf sal behoort aan ’n organisasie óf jy kan nie jou deur ophou nie. Nou, kyk julle of dit nie waar is nie! Dis hoekom ons dit doodslaan. Ja, meneer. Jy’s nie in staat. . . Laer as dit, hulle sal jou so probeer bykom, totdat hulle sal probeer om. . . jou nie sal laat koop of verkoop, as jy nie daardie organisasiemerk op jou het nie. Dit bring dit reguit in.

⁵⁰ Net presies soos daardie dag, hulle het hulle verbrand, hulle. . . Ek het daar gestaan in daardie arena; gehuil soos ’n baba toe ek daar opgekyk het waar die swaardvegters sou sit in daardie ou arena daar. En—en daardie dinge gesien, en weet dat baie van my Christenbroers geëet is deur leeus en—en verskeur op die grond daar, en vroue en klein kindertjies en dinge. En ek dink, as hulle almal gesneuwel het in geloof, sal ek hulle nou in die steek laat? Nee, meneer, broer! God, laat my staan vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is! Daardie selfde Ding, maak nie saak hoe ongewild. . .

⁵¹ Iemand wil altyd sê: “Wel, . . .” Iemand het nie lank gelede gesê. . . O! Hoeveel groot predikers op die veld my gebel en gesê het: “Broer Branham, as jy nie gaan ophou daarmee nie, sal elke organisasie teen jou wees.”

⁵² “Wel,” het ek gesê: “daar’s Een wat nie sal wees nie, dis die Een wat in die Hemel is. Dis die Een waarna ek soek.” Sien? Nou, ek is lief vir mense in elke organisasie. Sekerlik. Maar het ek julle al ooit enigiets vertel wat die Here. . . in die Naam van die Here, wat nie gebeur het nie? Sien? Is alles gesê en reg geding? Het ek

julle al ooit gesmeek vir geld? Bly dan uit die organisasies! Bly julle vry in Christus, laat die Heilige Gees altyd in en uit die kerk beweeg.

⁵³ Die enigste ding wat verkeerd is, kry al hierdie klein verskilletjies tussen julle uit. Klein ismes, en snaakse klein gevoelentjies in julle oor broers, en sulke dinge, skud dit af! Laat geen wortel van bitterheid ooit in jou siel inkom nie. As dit sal, sal dit jou verkanker. Reg. Behou liefde! Ek gee nie om hoeveel mense jou haat nie, hê jy hulle in elk geval lief. As jy dit nie kan doen nie, het jy nodig. . . die. . . jy die nie. . . is jy nie verseël nie, jy het nog 'n los plek. So komaan, terug, en kry dit goed verseël met die Bloed van Christus. Dit sal jou reinig van alle wortels van bitterheid. Ja.

⁵⁴ Nou, sien, maar ons probeer weer. Die Pinksterseëning het rondom 1906 geval, daar iewers. Daar's 'n prediker wat onder ons sit vanaand, 'n sendeling van Tibet, een van die be- . . . Ek sê dit nie omdat hy teenwoordig is nie; ek hoop nie hy is huis toe nie. Ek dink hy is steeds hier, sou vir ons bietjie preek voor ek afkom. En daardie man onthou die eerste van Pinkster. Daar was nie enige organisasie nie, almal het dinge in gemeen gehad. O, hoe maklik is dit om die verkeerde stap te neem net daar, en hoe goed lyk dit vir die intellektuele.

⁵⁵ Kyk, min het Israel geweet toe hulle daarbuite op die oewer gestaan het, geskeë het. . . Nou, julle sê: "Hierdie soort godsdiens is iets nuuts." Wel, dis die oudste wat daar is. Sekerlik. Selfs voor die wêreld ooit gemaak is, het hulle geskree en God geprys. God het so gesê, vir Job gevra: "Waar was hy toe die—toe die môresterre saamgesing het, en die seuns van God uitgeroep het van vreugde." Dis voor die wêreld ooit geskape is.

⁵⁶ Maar kyk nou na Israel, het wonderwerke gesien. Dis die vroeë Pinkster; Israel, die Pinkster van daardie dag. Nou, hulle is uitgebring uit Egipte, God het hulle geseën, hulle allerhande groot tekens en wonders gegee, en hulle verlos. En toe hulle op daardie oewer gestaan het en 'n Pinksterdiens gehou het. . . Hulle het! Luister nou. Moses het in die Gees gesing, en Mirriam het 'n tamboeryn gevat en afgehardloop langs die oewer, hierdie tamboeryn geslaan, gedans in die Gees; en die dogters van Israel het haar gevolg, gedans in die Gees. As dit nie 'n Pinksterdiens is nie, het ek nog nooit een gesien nie. Hulle het glad nie geglo dat die—die beloofde land veertig jaar voor hulle was nie. Dit was net omtrent veertig myl. Maar dit sou hulle veertig jaar neem om veertig myl te vorder, omdat hulle die verkeerde ding gekies het. Hulle het gekies om 'n wet te hê in plaas van om die Heilige Gees hulle te laat lei, die Vuurkolom hulle te laat deurneem en hulle te lei. Hulle wou iets hê om self te doen; hulle wou sekere priesters hê, en sekere hooggeplaastes, en 'n bietjie teologie waaroor hulle kon stry, in plaas van net aan te gaan en die Heilige Gees hulle

te laat lei. Hulle was in die Gees; God het alles voorsien, maar hulle moes iets Daarmee te doen hê.

⁵⁷ Net weer soos verbastering. Los die koei uit. Los die perd uit. Los die kos uit. Hulle . . . Die wetenskap het aanspraak gemaak, in *Reader's Digest*, die artikel daarvan, as hulle aanhou kos verbaster, en mense eet dit . . . Soos hoenders, hulle het die arme hoender so dat dit geen vlerke of bene meer het nie. En as dit lê, lê dit ditself dood, hulle kan net 'n jaar lewe. En die weefsel is so sag jy kan dit skaars eet. En mense wat dit eet, dit verdraai mense. Dis reg.

⁵⁸ Julle weet, homoseksualiteit is aan die toeneem omtrent veertig persent in die Verenigde State, teenoor 'n jaar gelede. En weet julle, die wetenskap maak aanspraak dat vroue wyer raak in hulle skouers en nouer in hulle heupe, en mans raak nouer in hulle skouers en wyer in hulle heupe? Jy eet 'n verdraaide saad, jy eet verdraaide goed. Jou liggaam is gemaak om te floreer op die natuurlike ding. En wat doen dit? Dit verander selfs die natuurlike ontwikkeling van mans en vroue, totdat Hollywood, selfs ons regering, en alles vol verdraaides is. Wat doen hy? Hulle bring dit oor hulleself deur hulle eie boom van kennis, wat hulleself doodmaak.

⁵⁹ Gaan terug na die begin! Los die natuur uit. Los God uit. Hou die Kerk in die Heilige Gees; en kom weg van al hierdie biskoppe en pouse met allerhande doktrine. Gaan terug na waar ons begin het. Gaan terug. Jesus vanaand sou kom, sou jy sê: "Ek's 'n Metodis."

Hy sou sê: "Dit was nie so van die begin af nie!"

"Ek's Presbiteriaans."

"Dit was nie so van die begin af nie!" Wat was aan die begin? 'n Pinksterondervinding van die doop van die Heilige Gees. Dis hoe Dit begin het.

⁶⁰ Maar, sien, ons moes dit verdraai. O, dit maak dit mooier. Sekerlik. Daardie klein kerkie wat daarrond gestaan en dans, en skree het; en onder in die straat, en mense wat klippe na hulle gegooi het, hulle bespot het, en alles soos daardie. Dit is nie baie mooi nie. "Maar nou het ons die groot Doksologie, en die Apostoliese Geloofsbelydenis, en, o, Doktor Ph. D., L. L. dubbel L.D., *So-en-so* vir ons pastoor." En kom uit en sê: "Aa-man," soos 'n kalf met krampe, en gaan aan soos daardie, al daardie soort goed.

⁶¹ Verskoon my, ek—ek het nie bedoel om dit te sê nie. Vergewe my, ek het nie bedoel om dit so te sê nie. Sien? Ek het dit nie bedoel nie. Dit is nie gepas vir 'n dienaar van God nie.

⁶² Maar, kyk, almal van hulle, ek . . . dit het net in my kop opgekom, sien. Maar staan net en sê al daardie verskillende dinge soos daardie, oefen voor die . . . julle weet, sê: "Nou, nee, jy sê

dit nie reg nie. 'Aa-man.'" Ek hou van 'n goeie, ou Pinksterdiens waar die krag van God val, en jy net gil en skree en God prys, 'n wonderlike tyd het. Dis die manier; die Gees het die mense beet. Maar ons. . . Jy kan skaars nog 'n "Amen!" hoor, dis 'n "Aa-man." Dis egter waar ons beland, julle sien. Hierdie stywe organisasies, trots. . .

63 Nou het die apo-. . . Was daar 'n profesie daaroor? Onthou julle Paulus se profesie gisteraand? "Ek weet dat na my vertrek, sal wrede wolwe onder julle inkom, en manne van julle eie klas, julle. . . reg in die eie kerk (daardie Rooms Katolieke Kerk, wat opkom) sal opstaan onder julle en dissipels wegtrek agter hulle aan." En Paulus se wolwe, vind ons uit, het Nikolaïete geword.

64 Luister na die Gees wat weer deur die profeet spreek: "In die laaste dae sal swaar tye kom, want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, ('Ek's Doktor *So-en-so*, moet jy my nou nie wat Daarvan vertel nie. Ek sal jou te kenne gee, ek's 'n Presbiteriaan. Halleluja!' Of: 'Ek's 'n Pinkster.')." Watter verskil maak dit, as jy nie Pinkster van nature is nie? Die ondervinding daarvan, sien. Ja, meneer. "Ek behoort aan die Gemeentes." "Ek behoort aan die Kerk van God." Wel daardie. . . watter verskil maak dit vir God? Moet aan die Koninkryk daarbo behoort, sien. Dis reg.

65 Nou, as—as jy sien, die. . . al hierdie goed net 'n opeenhoping van—van jolyt. Nou, Dit het gesê: "Hulle sou roekeloos, verwaand wees, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God." O, hulle kan nie kerk toe gaan op Sondagaand, solank daar 'n goeie televisieprogram aan is nie. O, goeiste! Hulle altyd. . . Sels die kerke het balspanne, en sop-aandetes, en krieketpartytjies, en: "meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wat die goeie verag." Hierdie wat daardie verag, sien. Hierdie wat daardie verag, verdring hulle. Wat dié wat goed is, verag.

66 O, sê jy: "Hulle is Kommuniste, broer." O, nee. Nee, nee.

67 "Roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, sonder liefde vir die goeie, wat 'n *gedaante* het. . ." Denominasionele ondervinding, sien. "Wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die Krag daarvan verloën het."

68 Wat sou jy wees in hierdie dag? Sien: "Wat 'n gedaante van godsaligheid het." Gaan kerk toe, net so vroom as wat jy kan wees, op Sondag, en trek Sondagmiddag die kortbroek aan, sny die agterplaas en haal die Oertel's 92 uit. En die pastoor gaan uit en rook 'n sigaret en kom terug, julle weet. "Wat 'n vorm van godsaligheid het!"

69 "Wel, pastoor, hulle het 'n kerk daarbo, hulle het vir my gesê 'n dame is genees nou die dag van 'n kan-. . ."

"Hmm. Hmm. Onsin! Dae van wonderwerke is verby."

70 “Wel, weet julle wat? Ek—ek—ek was by ’n klein kerkie nou die aand, daardie klein sendingstasietjie onder op die hoek, en daar het iemand daar opgestaan, wat iets gepraat het, hak- . . .”

“O, skat, moet jy nooit rondhang by sulke goed soos daardie nie. Dis mal honde. Goeiste! Moet jy nie daarmee speel nie. Dis holy-rollers. Moet jy nooit. . .”

71 “Wat ’n vorm van godsaligheid het en die krag daarvan verloën het, keer jou af van hierdie mense. Want uit hulle is dié wat in die huise insluip en arme vroue gevange neem wat met sondes belaaï is, wat nooit kan leer, of ooit tot die kennis van die Waarheid kan kom nie.” Dis presies reg. Daar het julle dit, dameshulpvereniging, *hierdie* vereniging, *daardie*. Die arme kerk het soveel verenigings dat dit nie eers meer die Evangelie kan preek nie. Pastoor kan nie langer as twintig minute kry nie, en dan moet hy oor iets anders praat. Sien? As hulle nie, sal die diakenraad hom ontmoet. Ja, meneer.

72 O, broer, wat moet ’n goeie pastoor vandag doen? Net die beste doen wat hy kan, om te staan en die takke af te kap waar hulle wil, en die spaanders te laat waai waar hulle wil; en dit daar uit te slinger. Dis al. Ja, meneer. Dis reg. Moenie—moenie enigiemand spaar nie, preek net die Woord en bly reg Daarby, hou net reguit aan met kap. As hulle jou in die tronk gooi, preek Dit in die tronk. As jy elders geplaas word, preek oral waar jy gaan; hou net aan, met preek. Dis reg. Nou, dis wat gebeur het. Sien, hulle doof dit uit.

73 Nou kom ons by die—die Smirna Tydperk. Die 8ste vers:

*. . . skryf aan die engel van die gemeente in Smirna:
Dit sê die eerste en die laaste, wat dood was en lewend
geword het:*

74 Ek wil hê julle moet oplet dat elke keer wat Hy Homself voorstel aan ’n kerktydperk, Hy iets uitbring van Sy Godheid. Dis die eerste ding wat Hy wil bekend maak aan die kerk, dis—dis Sy Godheid. Hy’s God! Sien julle die groot geskilpunt destyds hier waaroor Iranaeus en hulle gestry het? Hulle het probeer sê dat die God in drie kosmosse, en dis ’n God in drie persone, en God in *hierdie*. Hy het gesê: “Daar’s glad nie so-iets nie! Dis titels van een Wese, en dit is die Almagtige God.” Dis reg. So jy nie. . . hulle het dit altyd gehad. En God hier in die begin, stel Homself bekend as een van Sy—van Sy Godhede. Julle sien Hy stel Homself bekend, eers hier oorkant: “Ek was Hy wat was, wat is, en sal kom. En Ek is die Almagtige.” Hier begin Hy nou dadelik met die Smirna Tydperk nou.

75 Nou luister na Hom: “Ek. . .”

. . . aan die engel van die gemeente in Smirna. . . (En ons glo dat dit Iranaeus was.) . . . skryf; Dit sê die eerste en die laaste, . . .

Sien? Homself bekend gestel: “Ek’s God, nou, van hierdie kerktydperk. Ek wil nie vier of vyf gode hierrond hê nie. Ek—Ek’s God. Sien, dis dit.”

. . . *wat dood was en lewend geword het: (Amen!)*

⁷⁶ Nou, dis die—die inleiding. Nou—nou *Smirna* beteken “bitterheid,” en dit kom vanaf die woord mirre—mirre. En die—die eerste kerk—die eerste kerk, en . . . het hulle eerste liefde verloor, die Éfesiese kerk. En hierdie kerk het begin om “’n wortel van bitterheid” te kry wat opgekrom het in hulle omdat hierdie kerk, die hoofkerk, die groot deel (die meerderheid van hulle, altyd) gehamer het teen die Heilige Gees wat die kerk regeer, en hulle wou self regeer. Hulle wou ’n priesterdom opstel, hulle wou optree soos die Ou Testamentiese mense het. Hulle wou priesters hê. En hulle . . . As die heidense gode, destyds daar, waar hulle bekeer is, hulle het priesters gehad, ensovoorts, van die . . . van Jupiter, en priesters van Venus, ensovoorts; hulle—hulle—hulle wou dieselfde ding inbring om *hierdie* manne te maak. Sien, die hele ding is heidens om mee te begin. Alle heidene het daardie priesters en dinge soos daardie. Maar—maar die Kerk van die lewende God, dis vreemd vir hulle. Christus is ons Priester, ons Hoëpriester. Ons het ’n Hoëpriester, ’n tafel ook, waar ons eet.

⁷⁷ Nou, hierdie kerk het “’n wortel van bitterheid” laat opkrom. Hoekom? Dit was bitter teenoor hulle wat wou voortgaan met die Heilige Gees. Die liefde het weggesteef, en hulle wou dit verruil vir geloofsbelydenisse en denominasies, wegbeweeg van die Heilige Gees leierskap. Dink daaraan! Dis hoekom die—die—die bitterheid in hulle was. Goed.

⁷⁸ Nou, die eerste kerk, hierdie . . . die bitterheid het begin insluip. Die tweede kerk, ’n bietjie meer. En, uiteindelik, het dit reguit ingesluip omdat hulle “’n beter kerk gemaak het”; hulle het gedink hulle het. Net hier het hulle iets deftigs gehad, die groot Romeinse mense kon inkom. Waarom? Hulle het ’n pous gehad, hulle het—hulle het groot manne gehad, kardinale, ensovoorts. Hulle het goed aangetrek. Hulle het weggekrom van al die geraas en alles wat hulle gehad het; baie stil. Gewys hulle was sterwend. Uh-huh. Uh-huh. Hulle was sterwend. En so het hulle deftig geword en hulle het ’n beter liggaam gemaak. Die eerste ding hierbo, het hulle die hele ding in ’n groot geestelike denominasie gehad, die Roomse Universele kerk, die Rooms Katolieke Kerk in die Donkere. Wel, toe, het hulle hooggeplaaste gehad, en hulle het klas gehad.

⁷⁹ O, dit was baie mooier as wat hulle altyd buite in die straat gestaan het: “en in skaapsvelle en bokvelle moes loop, en gebrek ly, en in stukke gesaag, en—en voor gelag, en bespot,” en soos Paulus gesê het in Hebreërs, die 11de hoofstuk.

⁸⁰ Wel, hierdie yslike, groot, wel-geklede kerk, met die onderrokke aan, en—en al hierdie ander goed wat hulle soos daardie dra. Sekerlik, dit het deftig gelyk: “Vader, Eerwaarde, Doktor, Vader *So-en-so*.” O, goeiste! Hulle kon regtig ’n bietjie “grand” wees daar.

⁸¹ Maar julle sien, dit was ’n baster. Baster! Sien, dit het geen Lewe daarin gehad nie. En hulle kan nie meer terugkom nie, dis hoekom hulle nooit opgekom het nie. Die Lutherse herlewning het nooit weer opgekom nie. Die Wesleyaanse herlewning het nooit weer opgekom nie. Die Nasareense herlewning het nooit weer opgekom nie. Die Pinkster herlewning sal ook nie weer opkom nie. Hoekom? Omdat julle dit doodgemaak het. Julle het dit verbaster met die wêreld, met die Nikolaïetiese idee, nie die Heilige Gees laat maak soos Hy wou nie. Dis reg. Julle het die kerk verbaster, en dit kan nie weer ditself terugteel nie. Wanneer jy terugteel, kry jy nog Metodiste; Baptiste teel terug, kry meer Baptiste; Katoliek teel terug, kry nog Katolieke; kry dieselfde ding wat jy van die kop afdop. Maar laat ek vir julle iets sê; wanneer die Heilige Gees terugkom, bring Dit *nuwe* geboorte en *nuwe* Lewe; bekering. Doop van die Gees; bring weer die Kerk terug na homself, sit weer Lewe daarin.

⁸² Basterkoring het nie lewe daarin nie. Watter lewe dit is, is omtrent heeltemal uitgesuig. Nou, ons kry dit in die Donkereeue daar: “Die bietjie wat jy het, hou vas daaraan,” het Hy gesê. Hulle het dit alles uitgedruk gehad. Nou, maar dit sal nie homself weer kan voortbring nie. Nou, die . . .

⁸³ Maar die liggaam van Jesus Christus is nie—is nie ’n organisasie nie. Die Liggaam van Jesus Christus is ’n mistieke Liggaam, dit is ’n Liggaam van . . . in ’n Koninkryk wat ’n geestelike Koninkryk is, wat op die aarde geplaas is deur Jesus Christus as die Koning van hierdie Koninkryk, die Hoëpriester om offerandes te offer vir die reisiger in hierdie Koninkryk. Hy’s ’n Profeet (die Woord) wat die Waarheid preek en die Lig van God bring in hierdie Koninkryk; en Hy is beide Profeet, Priester, en Koning, in hierdie Koninkryk. En hoe kom ons in hierdie Koninkryk in? deur die denominasie? deur ’n brief? deur ’n handdruk? Maar “deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam” wat die mistieke Liggaam van Jesus Christus is, en ons word daarin gedoop, nie deur water nie, nie deur besprinkeling nie, nie deur uitgiet nie, nie deur enige soort waterdoop nie, maar “deur een Gees, Heilige Gees, word ons almal gedoop in een Liggaam,” Een Korinthiërs 12. Ja, ons word gedoop in hierdie Liggaam deur een Gees, Heilige Gees, dan behoort ons nie aan enigiets behalwe Christus nie. Julle is Christus s’n. Dis ’n mistieke Koninkryk van God wat opgerig is, wat ons Daarin kom deur Heilige Gees doop. Ek is lief Daarvoor! Hmm!

Daar is mense amper oral nou,
 Met harte aan die brand
 Met die vuur wat val op Pinkster,
 Wat hul skoon en rein kan maak;
 O, dit is brandend nou hier in my hart,
 O, ere sy Sy Naam!
 Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Ek's een van hul, ek's een van hul,
 Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul,
 Halleluja!
 Een van hul, ek's een van hul,
 Nou is ek so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Al is die mense nie geleerdes nie, (D.D.D. Ph.
 D. Sien.) . . . nie geleerdes nie,
 Of spog met aardse roem,
 Het hul almal hul Pinkster ontvang,
 Gedoop in Jesus' Naam;
 En hul vertel nou, somer oral rond,
 Sy krag is steeds met ons,
 Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Is julle nie bly nie? Ja, meneer. Net een van hulle. Dis al.

⁸⁴ Ek onthou om deur Memphis te stap, daardie ou, klein gekleurde dametjie met haar kop geleun daar oorkant. Sy het gesê: “Goeiemôre, prediker.”

Ek het gesê: “Hoe het jy geweet ek is 'n prediker?”

Sy het gesê: “Die Here het vir my gesê: ‘Sy prediker kom in die straat af, sal 'n bruin hoed ophê, 'n tas dra.’” Gesê: “Ek het geweet jy was hy, toe ek jou sien kom het.” Sien? O, sy was een van hulle. Dis reg! O, hoe goed God is!

⁸⁵ Nou, ek glo iets. . . [Broer Branham lees 'n nota wat vir hom gegee is—Red.] “Die meisietjie vir wie jy—jy gebid het, Sondagaand, van Bedford, het blykbaar nou net gesterf. Dit kan nie. . . Bid asseblief.” 'n Meisietjie wat ons. . . hulle het hier vir haar gebid Sondagaand, van Bedford: “het pas gesterf,” het hulle gesê. Laat ons bid:

⁸⁶ Here Jesus, ek bid dat op 'n manier, op 'n manier, Here, laat ons gebed deurgaans vir daardie kind. Ons vertrou die kleintjie toe aan U, ons Vader, God. En ons dink aan daardie mense wat hier was en gebid het en gebed gevra het vir daardie meisietjie. O Vader, God, ek vra dat—dat hierdie verslag nie so sal wees nie, Vader; ons weet nie, maar ek bid dat U genadig sal wees en krag sal gee en laat die kleintjie opgerig word en lewe tot die eer van God. In die Naam van Jesus Christus vra ons dit. Amen. Mag die Here Jesus Sy seëninge byvoeg.

⁸⁷ Nou, 'n kerk. Nou, die kerk se naam is verbind met sy natuur van sy karakter. Het julle opgelet die *Smirna* wat “bitter”

beteken? En julle let op elkeen van die kerk nou, dis die kerknaam wat iets te doen het met die karakter van die kerk. Ek kon iets hier sê; maar ek beter nie, want julle sal my verkeerd verstaan. Sien?

⁸⁸ Jou naam het, ook. Jy mag dit nie weet nie, maar dit het. O, ja. Jy sê nou: “Dis getalleleer.” Nee, dis nie. Toe Jakob gebore is, het hulle hom *Jakob* genoem wat “onderkruiper” was; maar toe hy geworstel het met die Engel, het God sy naam verander na *Israel*: “’n prins.” Is dit reg? Saul was “Saul van Tarsus,” ’n gemene kêrel; maar, toe hy na Jesus gekom het, is hy “Paulus” genoem. Simon se naam was “Simon”; maar toe hy na Jesus gekom het, is hy Petrus genoem: “’n klein klippie.” O, ja, meneer. Die. . . Jou naam assosieer wat jy. . . Dis ’n indruk op jou karakter.

⁸⁹ En hierdie kerk is Smirna genoem, omdat dit sterwend was. *Smirna* beteken “bitterheid.” Met ander woorde, ’n wortel van bitterheid het opgekom en was besig om dit te versmoor, dit was op sy pad uit na mirre. Dis waarmee hulle liggame salf, mirre, sien. Dit was mirre, wierook, as ’n salf. Mirre word gebruik om—om dooie liggame mee te salf nadat hulle hulle gebalsem het, ensovoorts. Geassosieer met die dood, en die kerk was sterwend.

⁹⁰ En, o, kan julle nie sien nie, vandag, vriende, die groot Pinksterbeweging wat Lewe gehad het ’n paar jaar gelede, kan julle nie sien dit word nou gesalf met mirre nie? Sien? Dieselfde salf wat in hierdie kerk *hier* was, het reguit afgekom en hierdie een *hieronder* gesalf; sterf uit omdat hulle teruggaan het na kerkflenters, en hulle wit kleed uittrek, heiliges. Die min mense wat daarbuite gestaan het, en ’n egte Heilige Gees, gepraat het in tale, en God gemanifesteer het. En, broer, hulle was so eerlik en: “suiwer wol en ’n jaart breed.” Hulle—hulle was absoluut eg, jy kon hulle oral vertrou. Nou weet jy nie wat om te vertrou en wie om te vertrou nie. Sien? Daar is iets wat gebeur het. Iets het gebeur. Wat is? Hulle word gesalf met mirre, van bitterheid. Staan op. Een. . .

⁹¹ Wat het dit veroorsaak? Een het ingekom, daar was ’n—’n kerk genoem, die eerste, was ’n Algemene Raad. Toe het hulle dit die Gemeentes van God genoem. Uit die Gemeentes van God het die Kerk van God gekom. Uit die Kerk van God, toe het hulle begin oorkant toe kyk, sê: “Julle is Gemeentes.” Die ander sê: “Julle is Kerk van God.” Toe het die Verenigde Pinkster Kerk van God daaruit gekom, oor ’n geskil. En toe, die eerste waarvan jy weet, in plaas van om Lig te aanvaar en Daarin te wandel, wel, het hulle hulleself klaar georganiseer totdat hulle nie Lig kon aanvaar nie.

⁹² Nou, toe die—die doop in die Naam van “Jesus Christus” ingebring is na die Gemeentes van God, in plaas van “Vader, Seun, en Heilige Gees”, het hulle alreeds hulleself geanker dat hulle dit nie kon verander nie. En hulle weet Dis die Waarheid!

Ek daag enige van hulle uit om te wys Dis nie reg volgens die Bybel nie. Dis absoluut die Waarheid. Maar wat kan hulle maak? Hulle kan dit nie doen nie. Sien, hulle sal hulle geloofsbelydenis verbreek, hulle kan nie.

⁹³ Toe, wat het die Eenheid toe gedoen? In plaas daarvan om Dit te aanvaar en voort te gaan, het hulle styf geword: “Prys die Here vir ewig! Ons het die Lig, en julle het nie. Ons is die. . .” Wat het hulle gedoen? Hulle het dit georganiseer. Jy kan nie vir God organiseer nie. God is selfs sonder vorm, het die Bybel gesê. Nee, niks formeels omtrent God nie.

⁹⁴ Nou, toe het die Gemeentes Hom probeer organiseer en hulle maak. . . hulle. . . hulle s’n die—die—die ware Kerk. En toe het die Eenheid gekom, hulle s’n probeer organiseer, en hulle “het meer Lig gehad.” So, wat het hulle gedoen? Hulle het dit uitgeblaas met hulle eie selfsugtige, bitter manier waarop hulle te werk gegaan het. In plaas van om dit uit te gee met sout en soetheid, het hulle die ander een uit die gemeenskap probeer skop, niks met hom te doen te hê nie. En dis wat dit gedoen het. Toe het dit verder gegaan. Die eerste waarvan jy geweet het, het nog een opgestaan, hulle het *hierdie* gekry, en nou het hulle opgebreek. Een het gesê: “Hy kom op ’n wit perd.” Die ander een sê: “Hy kom op ’n wit wolke. Prys God, ek sal vir my ’n organisasie hier oorkant begin.” Sien hoe hulle maak? Dit het mirre—mirre versprei. Wat het dit gedoen? Dit het broederskap verhoed.

⁹⁵ En baie vroue, mans, vanaand, in die Gemeentes van God, sal graag wou kom en gedoop word in die Naam van Jesus Christus, in die wete dat Dit God se Waarheid is. Hulle sal geëkskommuniseer word as hulle dit doen.

⁹⁶ En baie Eenheids van die. . . Nou, ek’s nie Eenheid nie. Ek glo nie in die “eenheid” soos hulle glo nie. Ek glo nie in *Jesus* soos hulle sê: “*Jesus*” nie; daar is baie Jesusse. Dis die *Here Jesus Christus*. Dis reg. Nou, en ek nie. . . Ek glo dit anders as wat hulle glo. Hulle doop in die naam van Jesus, in die naam van Jesus vir wedergeboorte, dat: “Om gedoop (wedergebore) te word, Christus inbring na jou vir jou waterdoop.” Ek glo dit nie. Ek glo wedergeboorte kom deur die Bloed van Jesus Christus deur die Heilige Gees. Dis reg. Doop is net ’n uiterlike daad van die innerlike werk van geboorte wat klaar gedoen is. Sien? So, ek stem nie daarmee saam nie. Dis in die haak, maar hulle is almal my broers.

⁹⁷ Toe ek eers begin het as ’n Baptiste prediker, het hulle gekom sê: “Broer Branham, kom jy hiernatoe, ons—ons—ons het Dit en ons het Dit hiernatoe gedra.”

⁹⁸ Ek het gesê: “Nie een van julle nie, ek sal reg tussen die twee groepe staan en sê: ‘Ons is broers!’” Gee nie om wat nie, ek gee nie om of ’n man verskil nie, dit maak nie ’n greintjie verskil vir my nie, hy’s steeds my broer.

⁹⁹ Ek het 'n broer wat hou van appeltert; ek hou die meeste van kersie, maar ek gaan hom nie uit die gemeenskap verwyder nie. Hy kan sy appeltert eet en ek eet my kersietert. Ek sit *kalkfwyl* op myne, as hy dit nie wil hê nie, wel, kan dit kry. Julle weet daardie. . . . Wat is dit? Geklitste goed wat hulle daarop sit, julle weet: "Geklitste room." Ek hou daarvan. Raak nou te oud om dit te eet, maar dis 'n. . . . Maar ek—ek—ek. . . . Dis waarvan ek hou. As hy nie daarvan hou nie, hoef hy dit nie te eet nie. Dis in die haak, ek sal myne eet. Maar hy's steeds my broer! Dis reg.

¹⁰⁰ En so, ek—ek hou daarvan, ek hou van 'n gemeenskap. Maar wanneer ons lyne trek soos hierdie, en sê: "Nee, *hierdie* is ons denominasie," en wil nie oorreik en handskud met die volgende man, en sê: "Prys God, broer!" nie. Goeiste! Dis wanneer jy gemeenskap noem. As jy nie, kry jy die wortel van bitterheid net soos die Smirnese destyds daar gekry het, en jy veroorsaak dieselfde ding. Goed, so hulle naam was "bitter."

¹⁰¹ Die Nikolaiëte het hulle bly uitdoof tot die Donkereue. Luther se tydperk het die eerste stap van genade uitgebring, 'n klein Liggie het begin skyn. Toe het daarna uitgekom, het John Wesley gekom met heiligmaking, 'n bietjie helderder geword. En toe het die doop van die Heilige Gees gekom met die Pinksters, wat weer die geloof van die vaders teruggebring het. Maar hulle kon dit nie so hou nie, so hulle moes dit organiseer, en toe het hulle weer reguit terug in Nikolaiëte ingegaan. Net presies wat die Bybel gesê het hulle sou doen.

¹⁰² Nou, ek moet dophou hier of ek sal dit kry. . . . te veel tyd in beslag neem. Laat ons by die 2de vers kom, of die. . . dit sal die 8, 9de vers wees. Goed, nou die vervolging, die 9de vers:

Ek ken jou werke, jou verdrukings, . . . armoede, (maar jy is ryk). . . (O, goeiste!). . . Ek. . . (Nou praat Hy met die Kerk nou, die ware Kerk, nie die ander nie; hulle het daardie werke van die Nikolaiëte gehaat). . . die lastering van dié wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar 'n sinagoge van die Satan.

¹⁰³ Nou, hulle het gekla. Hulle was armlastig. Die. . . Hulle het alles gevat wat hulle gehad het. Hulle het hulle klein kerkie opgebou soos hierdie, en omdat hulle so 'n baie klein groepie was, het hulle hulle uitgestoot, die groot kerk het, hulle net uitgedoof. En Dit het gesê: "Ek weet. Ek weet julle moet op die hoek vergader, julle ontmoet in die stegie, of elders waar julle kan." (En ek was in die katakombes waar hulle moes vergader; ondergronds gaan en vergader, en dinge daar.) "Ek ken jou verdrukings, en Ek ken jou probleme, ensovoorts soos daardie, maar jy word ryk gemaak deur daardie verdrukings." O, goeiste! Sê vir my van enige tyd wat 'n vervolging van die Kerk kom, dit versterk Dit. Dit versterk altyd die Kerk, in verdrukings. "Ek ken jou verdrukings, maar jy

is ryk.” Hoekom? “Jy het aan My vasgehou; jy is ryk. Maar jou verdrukings maak jou nie seer nie.”

104 Nou, die . . . Het julle opgelet? Die Nikolaiëte het nou vir hulleself ’n sinagoge gekry. Die Bybel het so gesê hier. Het julle dit hier in die 9de vers opgelet?

Waar . . . dit . . . nie is nie, maar ’n sinagoge van die Satan.

105 Uh-huh, die ware Kerk is uitgedruk. Die Nikolaiëte het oorgeneem, en die . . . hulle het die mense wat die Heilige Gees gehad het uitgedruk, so daarom het hulle—hulle geen nut vir hulle gehad nie. As Smirna, in Asië, net geweet het dat die dinge . . . daardie martelaarskroon wat vir hulle gewag het, sou hulle bewese het. Sien? Nou, met ander woorde, wat . . . toe hierdie profesie uitgeskryf is en soontoe gestuur is, en die kerk dit beetgekry het, en hulle gesien het hulle was diegene wat die martelaarskroon sou dra, wel, hulle sou . . . wel, dit sou hulle doodsvrees gegee het. Hulle het dit enige tyd ver wag. Het nie in hulle eeu gekom nie. Toe het sommige van hulle miskien gesê: “Wel, jy weet—jy weet, ek sê jou, daardie profeet was verkeerd. Johannes was verkeerd, hy—hy . . . omdat dit nie hier met ons in Smirna gebeur het nie.” Wel, dit sou honderde jare later gebeur. Sien? Maar wanneer God enigiets spreek, moet dit gebeur.

106 Dis waar ons ons geloof sink, net daar op God se Woord. God hou elke belofte. Maak nie saak . . . Julle mag dink dit moet net hier gebeur, maar miskien is dit nie God se tyd daarvoor om te gebeur nie. “Maar My Woord sal nie leeg na My terugkeer nie, maar Dit sal bereik waarvoor Dit bestem was.” God sal altyd Sy Woord eer, en in Sy Eie goeie tyd sal Dit maai.

107 So hierdie mense was die een, die eerste kerk, maar in daardie kerk was die karaktereienskap wat sou uitkom in die Smirnakerk lateraan. Nou, dan moes hulle die martelaarskroon dra, baie van hulle sou doodgemaak word.

108 Nou kom ons vat die—die 10de vers, soos ons hierdie lees:

Vrees vir niks (die sinagoge van Satan) wat jy sal ly nie. Kyk, die duivel gaan . . . van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Maar wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die Lewe gee.

109 O, goeiste! Hulle word gesê dat hulle nie moet vrees wanneer hulle geroep word om te sterf vir hulle—hulle godsdiens nie. Nou, Suster Wood, waar jy ook al is, ek hoop hierdie help jou. Suster Wood het my, nou die dag, gesê hoedat sy nie kon verstaan hoe sommige verlos kon word en ander nie. Partykeer moet jy weet . . . God het vir hierdie mense gesê: “Nou, moet julle nie hieroor vrees nie, want Satan gaan julle daar ingooi, as gevolg van hierdie Nikolaiëte groep wat gekom en julle ingestoot het,

want Ek gaan julle laat sterf vir My saak. Maar Ek sal julle 'n kroon van die Lewe gee op daardie dag. So, moenie . . .

110 Nou let op, Hy het gesê . . . Nou, let op wanneer ons hierdie 10de vers lees. Laat ek Dit weer lees:

Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duivel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Maar wees getrou tot . . . (Het julle opgelet dis nie totdat nie? Nie totdat die dood nie, maar "tot" die dood toe. Begryp julle dit?) . . . wees getrou tot die dood toe . . . (Sien? En hulle was.)

111 Nou Hy het gesê, Satan . . . Het julle opgelet wie Hy—wie Hy geklassifiseer het as die een wat dit gedoen het? Nou, hierdie *sinagoge van Satan* was die "Nikolaïete." Ons weet dit. Was dit nie? Dan was dit 'n organisasie, 'n priesterdom wat opgestaan het, wat hierdie mense sou laat ly, wat hierdie mense sou laat ly, en hulle moes getrou bly aan die Evangelie *tot* die dood toe. Het julle opgelet in 'n huwelikeremonie? nie *totdat* die dood ons skei nie, maar "*tot* die dood ons skei." Sien? Nou, *totdat* en *tot* is verskillend. Nou, hulle moes getrou wees aan Christus tot die dood toe. "Gaan reguit af na die dood daarmee. Moenie bevrees wees nie, want Ek sal jou 'n kroon gee."

112 Nou hierdie "tien dae" waarvan hulle hier praat, die tien dae. 'n Dag in die Bybel verteenwoordig 'n jaar. En die *tien dae* was van die laaste "tien jaar" van die heerskappy van hierdie D-i-o-c-l-e-a-t-i-a-n-u-s, Diocletianus. Diocletianus. Diocletianus, dit was daardie groot keiser wat regeer het in die laaste . . . Wel, daar was verskeie keisers wat regeer het gedurende die Efesiese Kerktydperk. En Nero, glo ek, was een. En hierdie Diocletianus hier was die laaste een wat regeer het, in die laaste tien jaar, en hy was die bloeddorstigste vervolger van hulle almal. Hy het net ingeskakel met hierdie groep en hulle—hulle het die Christene vermoor, en hulle doodgemaak, hulle het hulle verbrand, hulle—hulle het alles gedoen, en dit was tien jaar van die bloeddorstigste vervolging. En sy tyd en sy heerskappy was van 302 tot 312. Dit het die Smirna Tydperk beëindig, met die inkom van Konstantyn. En hy het gekom in 312, het Konstantyn. Dit was die tien dae van verdrukking. En dit het begin by Nero en geëindig met Diocletianus. En dit het begin by Nero, was rondom 64 nC. toe Nero die troon bestyg het.

113 Nou, die 11de vers is 'n belofte. Nou ons sal dit kry net voor afsluiting:

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Dié wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

114 Nou, ek moet iets hier sê, sodat . . . As ek dit dink, my hart, en dit nie sê nie, dan is ek 'n skynheilige. Sien? Ek wil hê julle

moet iets oplet hier in hierdie Skrif, en ek dink dit was een van die grootste raaisels vir my vir so lank, totdat ek uitgevind het. Nou laat ons dit baie aandagtig lees, nou. Sien?

Wie 'n oor het. . . (Met ander woorde: “'n oor het om te hoor”; sien, dis “oop vir die Gees.”) . . . laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. . .

Nou sien, hierdie selfde ding, hierdie vervolging en alles kom. Elke deel oorvleuel in elke kerke. Die kerke.

. . . Gees sê aan die gemeentes. Dié wat oorwin. . . (In watter kerk? Éfesiese? Ja. Goed. Smirna? Ja, almal van hulle.) . . . Dié wat oorwin in al die kerke, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

¹¹⁵ Hy in die Laodicése kerk wat wat oorwin? Die Nikolaiëte oorwin, die dinge van die wêreld oorwin, hierdie denominasies oorwin, hierdie priesterdomme oorwin, alles van die wêreld oorwin en uitverkoop, en Christus liefhet. Julle sal nie deur die tweede dood skade ly nie. Hoekom? Hy het Ewige Lewe. Ewige Lewe kan nie sterf nie. Jesus het gesê: “Hy wat luister na My, het Ewige Lewe, sal nooit sterf nie. Ek sal hom opwek in die laaste dag.”

¹¹⁶ Nou, nou, daar. . . Nou, julle gaan. . . Gaan baie wees wat verskil hiervan, maar ek wil hê julle moet baie goed dink voor julle julle besluit neem. Sien? Ek gaan nou iets sê:

¹¹⁷ Dis waarom ek nie glo daar is 'n Ewige hel nie. Daar kan nie 'n Ewige hel wees nie. Want as daar ooit 'n Ewige hel was, dan was daar altyd 'n Ewige hel, want Ewig. . . Daar's net een vorm van Ewige Lewe, en dis waarna ons almal streef. En as jy vir altyd gaan brand en vir Ewigheid, dan sal jy Ewige Lewe moet laat brand, en dan sal dit God wees wat brand. Jy kan nie Ewige hel hê, en die Bybel sê duidelik dat “hel geskape is” nie. En as dit geskape is, is dit nie Ewig nie. Enigiets wat Ewig is, is nooit geskape nie; dit was altyd, dis Ewig. En die Bybel sê dat: “Hel geskape was vir die duiwel en sy engele.” Hel is geskape, dit is nie Ewig nie. En ek glo nie dat 'n persoon Ewiglik gestraf sal word nie.

¹¹⁸ Ek glo dat die Bybel duidelik hier sê, dat: “Hy wat oorwin nie deur die tweede dood sal skade ly nie.” Nou “dood.” Die woord *dood* kom van die. . . is hierdie, is “skeiding.” Nou, wanneer ons geskei word van God, in sonde, is ons alreeds dood; die Bybel het so gesê. Ons is vervreemd van God, ons is afgesny, ons is dood in sonde en oortredinge; ons is 'n vreemdeling vir God en vir Sy ryk. En dan, wanneer ons God ontvang en Ewige Lewe het, is ons Sy kinders en 'n deel van Hom.

¹¹⁹ My seuntjie daar, Joseph, is deel van my, maak nie saak wat ek. . . hy ooit doen nie. Hy. . . ek mag. . . Hy mag nie hê. . . As ek 'n groot ryk man was en 'n groot erflosing gehad het, mag hy, hy selfs enigiets erf; maar hy's steeds 'n seun, hy's deel van my.

Sekerlik, hy's deel van my. Nou, ek kan hom net so min ontken as wat ek myself kan ontken, want hy's deel van my. Die bloedtoets sal wys hy's myne. Sien?

¹²⁰ En die Bloedtoets wys of jy God s'n is of nie. Sien? Julle is God se kinders en julle het Ewige Lewe. Maar die siel wat sondig, daardie *siel* sal geskei word. Is dit reg? Dan sal dit nie meer wees nie. Nou kyk. Enigiets wat 'n begin gehad het, het 'n einde, want enigiets wat 'n begin gehad het, is 'n skepping. Maar God is nie geskape nie, Hy was altyd God. Daar is geen plek waar Hy geskape is nie. En die enigste manier wat ons ooit Ewige Lewe kan hê, is om deel van daardie skepping te wees. Glorie! O, as ons Dit kon sien! Sien wat doen die Heilige Gees vir jou? Dis die Heilige Gees, die Skepper Self, God die Vader in die vorm van 'n Gees, naamlik "Heilige Gees," want Dit was op die liggaam naamlik Jesus, Sy Seun; wat Hy Jesus geskape het, die liggaam, dis hoekom Dit moes sterf. God het in hierdie menslike vlees gewoon, en die bloedsel is gebreek, en die Lewe van die bloedsel het teruggekom.

¹²¹ Dis hoekom die ou aanbidders in die Ou Testament nie kon weggaan . . . hy het teruggegaan met dieselfde veroordeling as wat hy gehad het, toe hy gekom het. Maar in die Nuwe Testament, het Hebreërs gesê, dat: "Die aanbidders wat eenmaal gereinig is, geen gewete van sonde meer het nie."

¹²² Nou, die Ou Testament; hulle het 'n lam gebring, hy het dit neergelê, sy hande daarop geplaas, die aanbidders; priester het die keel afgesny, hy het die bloeding gevoel, en die blêr daarvan gehoor. En dit het gesterf, en hy het sy liggaampie voel styf word, en dit was dood. Hy het geweet dit behoort hy te wees; die lam het sy plek geneem. Die priester het die bloed geneem, dit op die altaar geplaas en—en die rook het opgetrek, en dit was 'n gebed van vergifnis vir die aan- . . . [Leë kol op band—Red.] . . . en daardie dierelewe kon nie terugkom op 'n mens en ooreenstem met die menslike gees nie, omdat dit dierengees is. Dierelewe en menslike lewe, dit kon dit nie doen nie. Maar wanneer 'n . . . Dis hoekom hy uitgegaan het met dieselfde begeerte om te sondig, dieselfde ding. Ingekom vir owerspel pleeg, en sy offer geoffer, en uitgegaan met dieselfde ding in sy gedagte. Dis reg.

¹²³ Maar hier waar die aanbidders . . . O, Kerk van God, moet dit nie mis nie! Die aanbidders, wat waarlik eenmaal opstap na die Seun van God en deur geloof sy hande lê op Hom (O, goeiste!), daar in Sy gesig kyk met spoeg wat hang aan Sy gesig, die Bloed wat teen Sy gesig afloop, die pyn voel van "My God! My God! Waarom het U My verlaat?" O, broer, wanneer jy sien watter prys vir jou gesterf het, en Wie Dit was, Emmanuel, God wat in jou plek sterf.

¹²⁴ Wat gebeur dan? Die aanbidders dan, toe daardie Bloedsel gebreek was in die Seun van God . . . Wat het daardie Bloedsel gemaak?

125 Wat is jy? Jy's een selletjie wat van jou vader af gekom het. Die vroulike het nie die hemoglobien nie. Die—die vroulike bring net die eier voort; die broeikas, sy moet die—die—die broeisel dra. Maar die bloed kom van die manlike af, dis hoekom die—die kind die vader se van neem. En dan, maar, die vrou wat met 'n man trou, neem sy van, as gevolg van die kinders; sy word 'n broeikas vir die kind wat sy sal baar vir die man. Maar soos ek gesê het: 'n hen kan 'n eier lê, maar as sy nie by die mannetjie voël was nie, sal dit nie uitbroei nie.

126 Dis, het ek gesê, dis waarom ons soveel ou, koue, formele kerke het vandag. Hulle het hierdie Nikolaïete idee aanvaar; het 'n klomp neste vol vrot eiers, en hulle sal nooit uitbroei nie, want hulle het nie. . . Jy kan enigiets aan hulle doen (noem hulle biskoppe, diakens, en wat ook al), hulle sal nooit glo in tekens wat die gelowiges volg nie, want hulle was nooit by die Maat, Jesus Christus nie. As jy ooit bevrug word met die Maat van die krag van God. . .

127 Toe daardie Bloedsel gebreek was daar op Gólgota, en daardie Lewe wat daarin was, klein Jehova. . . O, dit behoort treffend te wees!

128 Julle weet, almal soek na 'n teken. Nie waar nie? Almal sê: "O, wys vir my 'n teken." Die Jood het gesê: "Wys vir my 'n teken."

129 Laat ek vir julle 'n teken gee. God het eenkeer vir julle 'n teken gegee. Hulle het gevra vir 'n teken. Die Israel het gevra vir 'n teken. Hy het vir die profeet gesê: "Ek sal vir hulle 'n ewige teken gee: 'n maagd sal swanger word. 'n Maagd sal swanger word en sal 'n Seun baar." (Amen.) "Hy sal genoem word *Emmanuel*, 'God met ons.'" Die grootste teken wat ooit gegee is.

130 Toe God, die Skepper van hemel en aarde, die sonnestelsel gemaak het. Staan daarbuite by Berg Palomar en kyk deur daardie teleskoop daarna, en jy kan 'n honderd-en-twintigmiljoen jaar van ligruimte sien. Breek dit af na myle, en anderkant dit is nog maan, en sterre, en wêreld, en Hy het hulle almal gemaak. Hulle net van Sy hande af geblaas, soos *daardie*. Ja!

131 En daardie groot Skepper het my Verlosser geword. Afgekom na 'n klein Bloedselletjie, nie deur die mens nie, maar maagdelik na 'n vrou gekom; en het hierdie bietjie stuifmeel van die vrou geneem, en vir Homself 'n huisie gevorm en daarin gewoon. O, dit—dit—dit behoort treffend te wees! Jehova! Jehova, bokant 'n mishoop in 'n skuur, wat huil. Jehova, in 'n krip van hooi. Dis 'n ewige teken, party van daardie groot-kop mense! Jehova, God, 'n huilende Babatjie (Halleluja!) in 'n stink stal. En dan dink ons ons is iemand, steek jou neus op; dit sou reën, sou dit jou verdrink; en gaan dan rond en dink jy's iemand. En Jehova wat in 'n stal lê, bokant 'n—'n mishoop, wat huil soos 'n klein. . . enige klein babatjie. Dit behoort treffend te wees! Dis 'n teken.

God het gesê: “Ek sal vir julle ’n ewige teken gee.” Dis ’n ware teken. Jehova, wat speel as ’n seuntjie. Jehova! Jehova, wat werk in ’n werkwinkel, wat hout saag soos ’n skrynwerker. Halleluja! Goeiste, o, goeiste! Jehova, wat die voete van vissermanne was. “Ek sal vir jou ’n teken gee.”

132 “O, maar ons moet die geestelikes hê, julle weet, met die togas en al die koorde, krae, en . . .” Sien? O!

133 “Ek sal vir julle ’n ewige teken gee.” Jehova, wat in die binnehowe staan met die spoeg op Sy gesig. Jehova, nakend opgehys, in ’n liggaam, tussen hemel en aarde. Hy het die skande van die kruis verag. Ons het Sy beeld daar met ’n klein lappie om Hom; natuurlik was dit net die beeldhouer wat dit gedoen het. Hulle het Hom kaal uitgetrek, Hom beskaam! O, daardie klomp skynheiliges wanneer daardie uur aanbreek! Hierdie is die dag van die mens, die dag van die Here kom. Jehova! Jehova, sterwend, ja, niks het gebeur nie. Jehova, wat bid, niks het gebeur nie. Hmm. Dis reg. Dit behoort treffend te wees! Dis ’n ewige teken. Dis die teken dat alle mense sou weet. Toe het Hy gesterf, Jehova het gesterf. Toe het die aarde begin skud. O, goeiste!

134 Toe het Hy opgestaan uit die graf en opgevaar in die Hoogte. Jehova, wat terugkeer in die vorm van die Heilige Gees om in Sy Kerk te woon, onder Sy mense. Glorie! Jehova, wat afloop deur die kerk, wat die gedagtes van die verstand onderskei. Jehova, wat die siekes genees. Jehova, wat spreek deur die lippe totdat die man geen beheer oor homself het nie. Jehova, wat terugkom in Engels en dit vertaal. Wil julle ’n teken hê? Amen! Daardie Jehova wat afkom na ’n prostituut, haar ophef, waar sy so—sy so laag was dat die honde nie na haar wou kyk nie, en haar wit was soos sneeu en haar ’n hart gee so suiwer soos ’n lelie. O, goeiste! Jehova, wat ’n dronkaard neem wat daar in die steeg lê en maaiers oraloor sy mond, en hom die Evangelie laat preek . . .?. . . Die Bloed van Jesus Christus wat ons reinig!

135 Toe Hy op die aarde was, het Hy gegaan na die laagste stad wat daar was, en na die laagste mense wat daar was, en hulle het vir Hom die laagste naam gegee wat daar was. Dis reg. Hulle het Hom die slegste behandel, en Hom die slegste naam genoem wat genoem kon word: “Beëlseub,” ’n duiwel. Die laagste wat hulle Hom kon gee, het die mens Hom gegee.

136 Maar God het Hom verhef, en Hy het vir Hom ’n Troon gegee so hoog dat Hy moet afkyk om die Hemel te sien. Amen! Glorie! En vir Hom ’n Naam gegee bo elke naam wat genoem word in die Hemel en in die aarde, en die hele familie in die Hemel en aarde is vernoem na Hom. Dis wat die mens van Hom gedink het; dis wat God van Hom gedink het. O God, laat my gedagtes soos U s’n wees, Vader. Ja, meneer. O kosbare Naam!

137 Nou: “Hy wat in My glo, het Ewige Lewe.” Nou, as daar net een vorm van Ewige Lewe is, en jy kry dit en ons soek daarna

deur Jesus Christus, is dit God se Lewe. Toe, toe daardie Bloedsel gebreek is op die Seun van God, en daardie klein Jehova wat opgebottel is aan die binnekant van hierdie Man genaamd Jesus (wanneer die volheid van die Godheid liggaamlik in Hom gewoon het), en nou, wanneer ons *daardie* Bloed aanvaar vir die vergifnis van ons sondes, daardie Gees wat nie op 'n man was nie, maar op God . . . Glorie! Die Bybel het gesê: “Die Bloed van God.”

¹³⁸ Iemand het gesê: “Julle onthou, Hy . . . Sê niks van die Jode nie, want Hy was 'n Jood.” Hy was nie 'n Jood nie. Hy was nie Jood of Heiden nie, Hy was God. Dis reg. Hy was 'n geskape Bloed. God het dit spesiaal gemaak. Dit was Sy Eie, en deur daardie geskape Bloed aanvaar ons Dit as ons kwytskelding omdat Hy die dood gesterf het vir ons. Daardie Bloedsel het gebreek, stel daardie Heilige Gees vry om terug te kom op ons, en nou is ons seuns en dogters van God deur 'n geboorte van die Gees. Dan is die Lewe wat God s'n was, wat geen begin gehad het of nooit ooit sal dit 'n einde hê nie, myne en joune deur die genade van God in Jesus Christus. Daar het julle dit.

¹³⁹ Nou, “hel,” ons sal 'n rukkjie teruggaan daarnatoe. Ek sê julle dat—dat daar nie kan wees . . . Ek glo wel in 'n brandende hel. Ja, meneer, die Bybel het so gesê, die poel van vuur. Nou, maar dit kan nie 'n ewig- . . . dit kan nie 'n Ewige wees nie. Dit kan wees . . . Die Bybel sê nooit dis Ewig nie, Dit sê “ewigdurende” hel. Sê nie die woord Ewig nie, dit sê 'n “ewigdurende” hel. Nou, dis voorberei vir die duiwel en sy engele; 'n ewigdurende hel, nie 'n Ewige een nie. Nou, na . . . Daardie siel mag daar gepynig word vir sy dade vir tienmiljoen jaar, vir al wat ek weet. Ek weet nie wat *ewigdurend* in God se oë mag wees nie. Dit mag wees vir vyf minute, dit mag wees vir 'n miljoen jaar, dit mag wees vir tienmiljoen jaar, maar daar sal 'n tyd aanbreek wanneer daardie siel nie meer sal bestaan nie.

¹⁴⁰ Hier is wat die Bybel gesê het, sien. Sien:

. . . Dié wat oorwin sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

¹⁴¹ Die eerste dood is om van ons geliefdes geskei te wees. Ons gaan in die Teenwoordigheid van God, nooit uit Sy Teenwoordigheid uit nie. Sien? Nou, as daar 'n tweede dood is, dan sal dit die dood van die siel moet wees. En dan het hy, wat die wêreld oorwin, of die dinge van die wêreld oorwin, Ewige Lewe en sal nie deur die tweede dood geraak word nie. Daar het julle dit, Ewige Lewe. Maar die—die sondaar . . . Die Bybel het gesê: “Die vrou wat in losbandigheid lewe, is dood terwyl sy lewe.” Dit reg? “Die siel wat sondig, dit sal sekerlik sterf.” Wat is *sterf*? Totaal “skei,” “nie meer nie.” Sien? Nou, dis afgesny, is reg. Dis afgesny, daar's niks meer daarvan nie. Hoe lank sal dit wees om dit te doen? Dit sal afgaan deur dieselfde proses waarmee dit ingekom het, en dit sal kom by 'n punt tot waar daar nie meer

enigiets daarvan oor is nie. Dit sal net teruggaan na waaruit dit ook al gemaak is.

142 Ons sou 'n sel kon neem, en die sel afbreek na een sel, na nog 'n sel, totdat jy sou kom by die eerste sel; in daardie sel inbreek, dan het jy die chemiese samestelling van die bloed; jy kom in verskillende chemiese samestellings van die bloed in, en dan kom jy af na die klein deeltjie in daardie sel: dis lewe. Hulle kan dit nie vind nie. Hulle weet niks daarvan nie. Nou, daardie lewe sal uiteindelik kom by die plek waar dit nie meer is nie; wat die chemiese samestelling van daardie lewe ook al is, ek glo nie dit het enige chemiese samestelling nie. Dis sou geestelik wees.

143 En dan, daarin, sal dit uiteindelik heeltemal skei en nie meer wees nie. Dis wat die Bybel gesê het: “Die siel wat sondig, dit sal sterf.” “En hulle wat oorwin in hierdie kerktydperke hier, sal deur die *tweede* dood geen skade ly nie.” Die liggaam sterf eerste, die siel sterf volgende en dit sal nie meer wees nie. Sien? Dis . . . glo julle dis die Bybel wat dit sê?

144 Nou onthou, as die hel Ewig is, dan is die Bybel verkeerd toe dit gesê het “hel is geskape.” En dan, as 'n mens vir Ewig gaan brand, in die hel, dan sou hy Ewig Lewe moes hê om by sy bewussyn te wees, om te brand. Is dit reg? Wel, hoeveel vorms van Ewig Lewe is daar? Een. Dis reg. Net een Ewig Lewe.

145 Nou, moenie weggaan en sê: “Broer Branham glo nie in die hel nie.” Broer Branham glo wel in die hel. Die Bybel leer dat daar 'n hel is. Net so seker as wat daar 'n—'n plek van rus is, is daar 'n plek van—van straf. En God sal beslis 'n siel wat teen Hom sondig, laat straf. En om Jesus Christus as jou Verlosser te verwerp, sal jy beslis gestraf word daarvoor. Maar daar sal 'n tyd wees waar jy nie meer sal wees nie. Maar hoeveel miljoen jaar dit vir jou sal neem om terug te gaan daarna, weet ek nie. Maar een of ander tyd . . .

146 Jy's 'n tydsweise totdat jy wedergebore is, dan's jy 'n Ewig wese. En die enigste manier wat jy Dit kan kry, is om deel van God in jou te hê, as Ewig Lewe. Kan julle dit sien? Sekerlik.

Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê, . . .

147 Ek het Hom lief. En julle? Ek is so bly om Ewig Lewe te hê. Dit pla my nie meer nie, omdat ons nou Ewig Lewe het. Ek weet dit, en ek vertrou dat almal Dit sal hê, almal van ons.

148 Irenaeus, ja, ek het 'n nota hier oor Irenaeus gehad, oor: “om hierdie geskiedenis te lees.” Dat die rede waarom Irenaeus gekies is, is omdat hy tekens van die Pinkster (oorspronklike) Kerk gehad het wat hom gevolg het.

149 Nou, as God . . . Hoeveel glo dat die Kerk begin het by Pinkster? Goed. Hoeveel glo dat God die Kerk goedgekeur het by Pinkster? Goed, meneer. Dan, as dit God se eerste Kerk

was, en dis wat Hy 'n "Kerk" genoem het, en Hy's nou die Wingerdstok, ons is die lote, as die Wingerdstok ooit weer nog 'n loot voortbring, wat sal dit wees? Pinkster. Ja! Nou, miskien nie by naam nie. Ons het *name* van Pinkster, maar dis niks meer as Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinkster nie. Dit beteken niks nie, sien, dis net 'n naam. Maar solank jy 'n Pinksterondervinding in jou hart het, Pinkster in jou siel, wat jou Ewige Lewe gee, dan het God jou belowe dat: "Jy nie deur die tweede dood geraak sal word nie;" dat, jy Ewige Lewe het en nie deur die tweede dood geraak *kan* word nie. Sien? Jy het . . . jy's . . .

150 "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie." Nou, moenie Dit bedroef (dinge doen wat verkeerd is) nie. As jy, sal jy betaal daarvoor; want die Bybel het gesê: "Bedroef nie die Heilige Gees van God nie, waardeur jy verseël is tot die dag van jou verlossing." Is dit reg? "Bedroef nie die Heilige Gees nie."

151 O! Dit gaan 'n wonderlike dag wees, een oggend, een van hierdie tye. Om julle te wys die opstanding gaan universeel wees: "Daar sal twee op 'n land wees, en Ek sal een neem; en twee in die bed, en Ek sal een neem." Sien, dit sal nag wees een plek, en daglig aan die anderkant van die aarde; sal 'n universele opstanding wees, daardie Wegraping. Die basuin van God sal blaas, en elkeen van hierdie, van hierdie klein kerkie *hier, hier, hier*, en selfs daardie klein groepie wat *daar* deurgegaan het, en uitgekóm het *hier, hier, hier*.

152 Toe daardie maagd, daardie maagd, toe sy gesien het in die sewende waak, dat . . . Nou, onthou, daar was sewe maagde. Is dit reg? O, ek bedoel, vyf maagde het uitgegaan . . . Tien maagde het uitgegaan om die Here te ontmoet, vyf was wys en vyf was dwaas. Is dit reg? En nou, in die wake egter, daar was sewe wake. En aan die einde van die sewende waak (party het geslaap vanaf *hierdie* waak, *hierdie* een, *hierdie* een, *hierdie* een, en *daardie*, . . .), die sewende waak, daar was 'n stem wat uitgegaan het: "Kyk, die Bruidegom kom, gaan julle uit Hom tegemoet." En hulle het opgestaan en hulle lampe geknip. En al hierdie ander het *hierdeur* opgestaan. O, sal dit nie 'n wonderlike tyd wees nie!

O, ons het altyd 'n liedjie gesing:

Dis 'n wonderlike tyd vir jou,
 Wat 'n wonderlike tyd vir my;
 As ons almal gereed op Jesus ons Koning kan
 wag,
 Wat 'n wonderlike tyd sal dit wees.

Hier, kom ons kyk of ons dit kan sing:

'n Wonderlike tyd vir jou,
 'n Wonderlike tyd vir my;
 As ons almal gereed op Jesus ons Koning kan
 wag,
 Wat 'n wonderlike tyd sal dit wees. (Sou dit nie
 wonderlik wees nie?)

O, is dit nie wonderlik daar,
 Sonder om laste te dra?
 Van vreugde te sing en hartsklokke wat lui,
 O, is dit nie wonderlik daar?

153 Hoeveel van julle weet of julle by die huis sal kom? Hoeveel weet of julle by daardie deur sal uitkom? Julle weet nie. Hoeveel weet, as julle wel uitkom, julle sal weer inkom? Julle kan nie sê nie. So moenie dat hierdie aand faal nie; moet julle God nie faal in hierdie aand nie, want hierdie mag die laaste aand wees wat julle 'n tyd of 'n kans sal hê. Wie is jy, in elk geval? Waar het jy vandaan gekom? Waarheen is jy oppad? Die enigste boek in die wêreld wat jou kan sê wat dit is, is hierdie geseënde ou Bybel hier. En dis die Bybel waarin ons glo, dis die God waarin ons glo.

154 En as julle nie in daardie Bruid is nie, in hierdie klomp minderhede, *hier* ver onder vandag, wat uitgedruk word deur geloofsbelydenisse en denominasies, ensovoorts, as—as—as jy nie in daardie klein groepie is nie. . . Nou, jy hoef nie by hierdie tabernakel aan te sluit nie, jy hoef nie by enigiets aan te sluit nie, jy moet net in daardie Koninkryk ingebore word. Nou, as jy jou gemeenskap wil hê in die Metodiste, Baptiste, Presbiteriaanse, waar jy ook al wil, hang dit van jou af. Sien, plaas jy jou gemeenskap by enigiemand wat jy wil. Maar ek sal vir jou een ding sê: wanneer jy wedergebore is, jy weet, “voëls van eenderse vere. . .” Goeiste!

155 Iemand het vir my eenkeer gevra, gesê: “Broer Branham, jy het vir daardie mense gesê: ‘Gaan terug na die Metodiste kerk toe.’”

Ek het gesê: “Sekerlik. Laat hulle hulle uitgooi, en hulle sal geen plek hê om na toe te gaan nie.” So, dan sal ons sien. . .

Dis doodreg, gaan maar terug, dit sal nie baie lank wees nie, julle sien. Dit sal nie baie lank wees nie, hulle sal net weer reguit terugkom.

156 Julle weet, eenkeer in die. . . Noag. . . ark, die plek van veiligheid, Noag, daar het 'n groot vloed gekom. En so het Noag die kraai losgelaat uit die ark, en hy het net aanhou kraai en omkyk. Wel, hy was tevrede, want hy was 'n aasvoël om mee te begin. Hy kon vlieg van een ou dooie karkas, en 'n maagvol eet van hierdie muil, en soontoe gaan op hierdie—hierdie ou skaap en 'n maagvol van hom eet, en iets anders, waar daar net allerhande ou dooie karkasse rondgelê het.

157 So, die kraai het net daar gaan sit en rondgekraai: “Jong, ek hou net ’n fees op my eie!” net aan die kraai.

158 Maar toe hulle die duifie losgelaat het, het hy ’n ander geaardheid gehad. Daardie stank, hy “kon dit nie verduur nie. Hmm!” Hoekom? ’n Duif het nie ’n gal nie; hy’s die enigste voël wat nie ’n gal het nie. Hy kon dit nie verteer nie, so die enigste ding wat hy kon doen, is reguit teruggaan na die ark en aan die deur klop.

159 Gaan net na enige plek wat jy wil. Enigste ding wat ek julle vra om te doen, is net om in die Koninkryk in te kom, en ek sal weet waarnatoe julle sal gaan. Jy sal dit nie meer kan uithou nie, broer, jy sal sê: “Ek het oor die skeidslyn gegaan, ek het hierdie wêreld agtergelaat.” Ja, meneer. Dit is beslis.

O, hulle was vergader in die bovertrek,
 In gebed in Sy Naam,
 Hul’s gedoop met die Heil’ge Gees,
 En gevul met krag vir diens;
 Nou wat Hy doen vir hul die dag
 Sal Hy vir jou ook doen,
 Ek’s so bly dat ek kan sê ek’s een van hul. (Is
 julle nie?)

Een van hul, ek’s een van hul,
 Ek’s so bly dat ek kan sê . . . een van hul,
 Halleluja;
 Een van hul, ek’s een van hul,
 Ek’s so bly dat ek kan sê ek’s een van hul.

Hoeveel is bly daarvoor vanaand? O, goeiste!

Kom, my broer, kry hierdie seëning
 Wat jou hart van sonde was,
 Wat die vreugdeklokke nou laat lui
 En harte brandend hou;
 O, dit brand ook nou hier in my hart,
 O, ere sy Sy Naam,
 Ek’s so bly dat ek kan sê . . . een van hul.

Ek’s een van hul, ek’s een van hul,
 Ek’s so bly dat ek kan sê . . . een van hul,
 Halleluja;
 Een van hul, ek’s een van hul,
 Ek’s so bly dat ek kan sê ek’s een van hul.

160 Nou, terwyl ons hierdie volgende vers sing, wil ek hê julle moet handskud, soos julle elke aand doen, al die Metodiste, en Baptiste, en Presbiteriane. Skud hande met mekaar, en wees selfs vriendelik genoeg om mekaar se kougom te kou, as julle kan. Nou wees net baie, baie vriendelik, wees gesellig nou, terwyl ons dit sing:

Ek's een van hul, een van hul,
 Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul;
 Een van hul, een van hul,
 Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

Al is die mense nie geleerdes nie,
 Of spog met aardse roem,
 Het hul almal hulle Pinkster ontvang,
 Gedoop in Jesus' Naam;
 En hul vertel nou, somer oral rond,
 Sy krag is steeds met ons,
 Ek's so bly dat ek kan sê . . .

Nou laat ons dit regtig sing:

O, een van hul, een van hul,
 Ek's so bly dat ek kan sê . . . een van hul,
 Halleluja;
 Een van hul, een van hul,
 Ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul.

¹⁶¹ Sou jy bereid wees om 'n martelaar te wees vir Hom saam met Smirnese? As dit kom by 'n punt waar jy die dood moet trotseer of dit verloën, sou jy dit trotseer? Ja, meneer. O God, dit sou 'n plesier wees. Ja, meneer. Dis hoe ek wil gaan, reg in die preekstoel. Dis reg. Ek het gedink ek het dit gekry en hulle sou dit in Duitsland kry, hier nie lank gelede nie. O, hulle sou my skiet deur 'n nagteleskoop, en Duitse soldate het oral om my gehardloop en gekeer soos *daardie*. Ek het gedink: "Wat 'n wonderlike ding sou dit wees om vir my Here te sterf reg hier op die veld." O, goeiste! Wat 'n—wat 'n wonderlike ding.

¹⁶² Wel, laat ek vir julle 'n klein liedjie sing. Kan ek? Het julle—het julle tyd vir net 'n kleintjie? Goed. Ek kan dit nie sing nie, ek praat dit. O, ek wou altyd sing. En een van hierdie dae, wanneer julle kom by julle pragtige groot huis daarbo in die Paradys, ver onder aan die einde van die woude daaronder, waar ek en Russell Creech sal wees vir hierdie jag, julle weet. Ver onder aan die onderkant van die woude is daar 'n klein hutjie daar oorkant waarvan Broer Neville sing, *Bou Vir My 'n Hutjie in die Hoek*, (ek het gedink hy praat van my plek) . . . *in die Heerlikheid*. Een van hierdie môres, wanneer jy uitstap op jou groot stoep daar oorkant, en omkyk soos daardie, daar ver in die hoek sal jy iemand hoor sing:

Genade onbeskryflik groot, hoe soet die klank,
 Wat 'n ellendeling soos ek gered het!

¹⁶³ Jy sê: "Wel, prys God, ou Broer Branham het dit gemaak. Daar is hy, ek hoor hom daar oorkant staan net nou, en sing *Genade Onbeskryflik Groot*."

¹⁶⁴ Dit sal genade onbeskryflik groot wees, wat my daarnatoe gebring het. Dis reg.

Maar dit drup van die bloed, ja, (Dis hoekom
ek Hierdie preek.) dit drup van die bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup van die
bloed,
Die bloed van dissipels gesterf vir die
Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie bly drup van
die bloed.

Die eerste een om te sterf vir die Heilige Gees
plan,
Was Johannes die Doper, maar hy't gesterf soos
'n man;
Dan volg die Here Jesus, gekruisig is Hy,
Hy't geleer die Gees sou mense van sonde
bevry.

Daar was Petrus en Paulus, en Johannes van
God,
Hulle het hulle lewens geoffer, dat die
Evangelie kon skyn;
Hulle het hul bloed vermeng, soos die profete
van ouds,
Dat die ware Woord van God eerlik kon bly.

Daar's siele onder die altaar, (Hierdie
martelare) wat uitroep: "Hoe lank?"
Voor die Here hulle straf wat die verkeerde
doen; (Luister! Vinnig!)
Maar daar gaan nog wees wat hul lewensbloed
stort
Vir hierdie Heilige Gees Evangelie en Sy rooi
vloed.

Dit drup van die bloed, ja, dit drup van die
bloed,
Hierdie Heilige Gees Evangelie drup van die
bloed,
Die bloed van dissipels gesterf vir die
Waarheid,
Hierdie Heilige Gees Evangelie bly drup van
die bloed.

165 O, daar gaan. . .

[’n Suster praat in ’n ander taal, ’n broer gee ’n uitleg. ’n
Broer praat in ’n ander taal, ’n suster praat in ’n ander taal. Leë
kol op band. ’n Broer gee ’n uitleg—Red.] Glorie. Amen. Amen.
Hmm. Glorie. Amen. Ja.

166 Amen. "Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die
gemeentes sê."

Ek het Hom lief. . .

Aanbid nou, kyk wat Hy sal doen. As jy Hom nog nooit tevore liefgehad het nie, sal jy Hom nou wou liefhê? Sal jy opstaan en Hom erken, Hom as jou Verlosser aanneem?

. . . my, (God seën jou, broer.)
En gek-. . .

Iemand anders sal staan, sê: “Ek wil Hom hê, net nou, ek wil Hom liefhê”?

. . . -sing
Op Gólgota se . . .

God seën jou, suster. God seën jou daaragter, jong dame.

Ek het Hom lief . . .

Wie ’n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die kerk sê.

. . . Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota se boom.

¹⁶⁷ Ons Hemelse Vader, soos U hierdie drie sien staan op hulle voete, O God, bid ek dat U genadig sal wees, O Ewige Een, en om aan hulle vergifnis van elke sonde te gee, en verlossing, die Heilige Gees in hulle lewe, dat hulle nie deur die tweede dood geskaad sal word nie. Hulle besef, Here, vanaand, soos hulle daar staan, dat—daar iets baie naby is. Die Heilige Gees het gewaarsku. Om die Gees van God te sien val onder mense, Dit te sien werk net volgens die Skrifte, net die drie boodskappe en afsluit. O God, ’n boodskap aan elke persoon.

¹⁶⁸ Nou, Vader, ons bid dat U genadig sal wees. Laat daardie kosbare Gees in ons midde bly. Mag ons Dit eerbiedig, God; skenk dit. Neem hierdie siele onder U sorg, Vader, hulle is die vrugte van die Boodskap vanaand, en van die boodskap van die Heilige Gees wat onder ons gespreek is. En ons vra, Vader, God, dat U met hulle sal wees al die dae van hulle lewe. En mag “in die wêreld sonder einde” mag ons hulle daarbinne ontmoet, gered deur die Bloed en genade van Christus. Ons gee hulle nou vir U, Vader, vul hulle met U Heilige Gees. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

¹⁶⁹ God seën julle, my broers. Wie ook al naby daardie mense is wat gestaan het, Christene, skud hulle hande wanneer hulle gaan sit, gee hulle . . . wens hulle God se seën toe.

¹⁷⁰ Sien hoe gehoorsaam die Heilige Gees is, hoe Dit dit reg aan die einde doen? Sien? Die Bybel het gesê: “Laat die . . . laat hulle wat in tale spreek twee wees, of nie . . . hoogstens drie,” julle sien. Die boodskap nie terwyl ek gepreek het nie, nadat Dit alles verby was. Dis hoe dit veronderstel is om te wees, almal baie eerbiedig en luister wat die Gees sê. Toe wat het gebeur? Sondaars het opgestaan om te bekeer. O, dink. Die Heilige Gees, Self, dit nie gekry nie . . . selfs deur die Woord, het gekom en gemanifesteer.

171 Ek ken party van hierdie mense wat in tale praat, ek ken al drie van hulle wat gepraat het; en ek—ek ken diegene wat die uitleg gegee het; ek weet hulle lewens is sondeeloos voor God. Broer Neville hier, ons pastoor, 'n Metodiste prediker; dis 'n Metodiste prediker, wat hier sit, die Heilige Gees ontvang het. Junie, hier oorkant, Broer Jackson, nog 'n Metodiste prediker, die Heilige Gees ontvang het. Dis reg, met 'n gawe van tale en uitleg.

172 En julle let op hoe ons kerk hou, almal eerbiedig; God wat praat. Julle sien hoe Hy net presies volgens die Bybel spreek; een; die boodskap net nie reg oorkom nie, spreek Hy dit weer, maar Hy sal nie meer as drie keer spreek nie; sien volgens die Skrifte daar. Sien, Hy sal daardie boodskap gee; Hy verstrengel dit nooit: “want die gees van die profete is onderworpe aan die profeet.” Alles luister en stil. . .

173 Nou, dis hoe die kerk in orde behoort te wees. Nou, aan julle mense wat hier mag wees van buite, wat my dit hoor sê het, dis hoe dit behoort te wees. Sien, die boodskap gaan uit. Sien die resultate? Dit gebeur *net* dan. Iets gebeur, net presies soos onderskeiding of enige ander gees. Is Hy nie wonderlik nie? O, ek is so bly om te weet dat daardie selfde ding wat ingestel is deur Paulus, net *hier*, het nie weggesteef tot net *hier* nie. Steeds dieselfde ding. O, ek's so bly dat ek kan sê ek's een van hul. Is julle nie? Goed.

174 Nou, môre-aand om sewe-uur, neem ons die tydperk van Laodicéa, en dis die *huwelik*stydperk. Ek wil hê julle moet kom as julle enigins kan. Ek was net 'n bietjie laat vanaand, miskien omdat die Heilige Gees gespreek het ensovoorts. Maar dis nog vroeg, dis net omtrent twintig minute oor nege. En gewoonlik is ek hier tien- of elfuur, so dis baie vroeg hieronder. So, geniet julle die—die—die boodskappe van die Here? Geniet julle dit regtig? Dit voed julle siel.

175 God seën julle, my kinders. Julle weet, ek het julle lief met my hele hart. En partykeer, as die Gees my beekry, sny dit na beide. . . Dis hoe die Woord is, Dis skerp soos 'n tweesnydende swaard. Dit sny met die kom, gaan, binne, buite, op elke manier. Maar dis wat ons besny. Besnydenis sny net oortollige vlees af, die dinge wat ons nie behoort te hê nie.

176 Nou, ek wil hê julle moet oplet. Het julle die Gees met die uitleg gehoor vanaand? “Staak daardie dwaasheid!” Dit besny. Wees opreg! Ons raak almal die pad byster, maar God weet hoe om die knoppe van ons af te skeer. Doen Hy dit nie? Hy doen beslis. Ek's dankbaar daarvoor. Is julle nie?

177 Is jy die klein pianiste hier? Ek sien nie. . . Is Teddy. . . ? Ek sien hom nêrens hier nie. Is—is hierdie. . . ? Goed, suster, as jy sal. Is dit jou dogter, Broer Daulton? Skoondogter. Goed. Baie gawe dametjie, so bly dat jy 'n Christen is. Goed, wat is ons goeie ou verdagingslied? Laat ons een probeer, net voor ons dit doen, nou.

Net 'n oomblik, suster, voor ons *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou* sing.

178 Hoeveel ken *Vergeet Tog Nooit Die Gesinsgebed*? Hoeveel bid in julle familie, julle familie bid? O, dis goed. Kom ons probeer dit een keer, net soos ou tye nou:

Vergeet tog nooit die gesinsgebed,
Jesus wil jou daar ontmoet;
Hy neem daar al jou sorg weg,
O, vergeet tog nooit die gesinsgebed.

Hou julle daarvan? Kom ons probeer dit weer:

Vergeet tog nooit die gesinsgebed,
Jesus wil jou daar ontmoet; (Jy het 'n afspraak,
nou.)
Hy neem daar al jou sorg weg,
O, vergeet tog nooit jou gesinsgebed.

179 [’n Suster sê: “Broer Branham mag ek iets sê?”—Red.] Kan beslis, Suster. [Die suster begin praat. Leë kol op band.] Suster Nash, dis baie goed. O, as jy net sal:

As ons net op Hom vertrou, sal Hy jou voorwaar
behou;
Neem net jou laste na die Heer, en laat hul daar.
Laat hul daar, laat hul daar,
Neem jou laste na die Heer en laat hul daar;
As ons net op hom vertrou, sal Hy jou voorwaar
behou;
Neem jou laste na die Heer en laat hul daar.

180 Hou julle nie van daardie ou liedere nie? O, ek net. . . Ek glo daardie manne het die pen opgetel en is geïnspireer deur die Heilige Gees om dit te lees.

181 Soos blinde Fanny Crosby, toe die wêreldse mense van daardie dag haar wêreldse liedjies wou laat skryf, gesê: “Wel, jy sal ’n ryk vrou wees.”

Sy het gesê: “Ek het my lewe aan Christus gewy, en my hele talent.” Sy was blind, julle weet. Gesê: “Ek—ek skuld my lewe en alles aan Christus.” Sy het gesê. . .

182 En toe het hulle soort van kwaad geraak vir haar omdat sy so ’n geleentheid geweier het. Sy het nie haar geboortereg verkoop soos Mnr. Presley en hulle het nie, maar sy—sy het haar integriteit behou. So sy—sy. . . Hulle—hulle het haar gelos, gesê: “Dan, wanneer jy in die Hemel kom, as daar so ’n plek is,” gesê: “as jy is soos wat jy hier is, sal jy blind wees.” Gesê: “Wat as jy blind is,” gesê: “hoe sou jy Hom ken?”

Sy het gesê: “Ek sal Hom ken. Ek sal Hom ken.”

Gesê: “Wat as jy blind is? Wat as jy blind is?”

Sy het gesê: “Ek sal voel vir die merke van die spykers.” Toe het sy omgedraai, sy het agtertoe begin loop, en sy het gesê:

Ek sal Hom ken, ek sal Hom ken,
 En verlos aan Sy sy sal ek staan;
 Ek sal Hom ken, ek sal Hom ken
 Aan die merke van die spykers in Sy hand.

¹⁸³ O my Jesus, met daardie vyf kosbare wonde, wat vir my gebloei het daar oorkant, hoe kan ek ooit daardie kosbare Een verloën? Laat my sterf, laat ek gaan die . . . Laat my die weg van enigiets volg, maar laat my nooit daardie kosbare bloeiende Een, oorkant, verloën, wat vir my gesterf het nie. Ja.

¹⁸⁴ En soos julle vanaand vertrek, wil julle: *Die Naam Van Jesus Met Julle Neem*. Goed, suster. Sal ons nou staan, almal saam.

. . . die Naam van Jesus met jou,
 Kind van droefheid en van wee;
 Dit sal jou vreugde en troos gee,
 Neem dit oral met jou mee.
 Dierb're Naam (Dierb're Naam), O hoe soet! (O
 hoe soet)
 Aardse hoop en Hemelvreugd;
 Dierb're Naam (Dierb're Naam), O hoe soet!
 Aardse hoop en Hemelvreugd.

Nou soos ons ons hoofde buig, en sag sing:

Voor die Naam van Jesus neerbuig,
 Voor Sy voete nou neerval,
 Koning van konings in die Hemel bekroon ons
 Hom,
 As ons reis voltooi is.
 Dierb're Naam, O hoe soet!
 Aardse hoop en Hemelvreugd;
 Dierb're Naam, O hoe soet! (Hoe soet!)
 Aardse hoop en Hemelvreugd.



DIE SMIRNA KERKTYDPERK AFR60-1206

(The Smyrnaean Church Age)

DIE OPENBARING VAN JESUS CHRISTUS REEKS

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Dinsdagaand, 6 Desember 1960, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2017 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS, SOUTH AFRICA OFFICE
58 DISA ROAD, ADMIRAL'S PARK, GORDON'S BAY 7140 WESTERN CAPE
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middel om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare materiaal, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org